# *God Se Voorsiene Plek Van Aanbidding*

Laat ons net ’n oomblik ons hoofde buig. Dierbare Hemelse Vader, ons ag dit beslis ’n voorreg om vandag hier te wees in hierdie stad Los Angeles, en onder hierdie, die gelowiges van. . .die Uitverkorenes wat uit die wêreld uit geroep is, afgesonderde kinders van God, in hierdie groot uur waarin ons leef, onder hierdie groot verwagting van die verskyning van ons Minnaar, die Here Jesus, te eniger tyd. Ons dank U daarvoor in ons hart, dat ons glo dat Hy in ons geslag sal kom. Ons verwag Hom vandag. As Hy nie vandag hier is nie, en ons is môre hier, sal ons Hom môre verwag.

2 Dierbare God, ons bid dat hierdie byeenkoms sommer ’n—’n spesiale byeenkoms sal wees. Mag dit ’n tyd wees wat dit ’n—’n rekord vir die Kerkvooruitgang sal maak, wat op U Boeke sal wees in die Ewigheid. Seën elke swak poging wat ons aanwend, Vader. Ons besef dat ons ’n volslae mislukking is sonder U, so daarom moet ons U hê, Here, as ons dit kan voortsit. En ons wil dit nie vir ons eie heerlikheid hê nie. Ons wil dit tot U heerlikheid hê. Want dis ons hartsbegeerte, is om Jesus verheerlik te sien in Sy mense. Om die geloof te versterk van hulle, Here, in hierdie dag wanneer die stryd so swaar is, het ons ingekom vir hierdie herlewing onder ons, en ’n toevlug, ’n verfrissing. Ons bid dat U al hierdie dinge vir ons sal skenk, want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen. (Julle kan maar sit.)

3 Broer Shakarian, Suster Wyatt, en aan die vriende van ons Here Jesus Christus, ek het sekerlik waardering vir hierdie geleentheid om weer in Los Angeles te wees, om te verkondig van hierdie glorieryke Jesus wat ons almal hier is vandag om meer van te leer. As ons pogings. . .

4 [Iemand praat met Broer Branham oor die mikrofoon—Red.] Ja, meneer. [Leë kol op band]. . .hierdie soort. Dit is nogal ’n ingewikkelde affêre. Sê, hierdie ding werk nie graag saam nie. [Ander stel voor hoe om die mikrofoon te verstel.] Wel, dit gaan nie so werk nie. [Leë kol op band]. . .Broer Shakarian. Nou dit klink ’n bietjie beter.

5 Ek’s soort van klein, het ’n klein stem, en maar ’n yslike groot Boodskap van die Here. ’n Klomp teenstand van Satan, om te weerhou om Dit te bring, maar ons sal nogtans hier kom. Ons vertrou dit sal vir ons almal ’n groot week wees.

6 Ek het hier gesit en dink aan hoeveel keer dat ons dierbare ontslape Broer Thomas Wyatt, ongetwyfeld, van hierdie selfde preekstoel af gepraat het, 'n groot dienskneg vir Christus.

7 Ek het Broer Wyatt geken. Hy was altyd 'n groot inspirasie gewees vir my wanneer ek hom sou ontmoet en met hom gesels. Ek onthou, net as 'n predikerseun, sou hy altyd. . .sy boek, genaamd: *Vleuels Van Genesing*. Ek hou van daardie titel: *Vleuels Van Genesing*.

8 En ons is bly om hier te kan wees in hierdie tempel wat vir diens vir Christus toegewy is. God seën sy weduwee, en al julle mense wat. . .Sekerlik, ek weet julle mis hom, ook. Ek het sy program gemis. Toe ek gehoor hy het heengegaan, kon ek—ek daardie stem hoor. Hy het 'n bietjie bejaard begin raak, maar hy het steeds 'n goeie sterk stem gehad, en—en het 'n boodskap van God gehad. En sy lewe leef steeds voort hier in julle mense. En daar in die sendingvelde waarheen hy al daardie groepe gestuur het, ensovoorts, gaan die Evangelie steeds voort vanweë Thomas Wyatt. Mag sy siel in vrede rus tot die tyd dat ons hom ontmoet in daardie heerlike Land waar daar geen dood of ouderdom is nie. Ons is nou hier om voort te gaan tot ons tyd geroep word of die groot algemene opstanding wanneer Jesus kom om ons almal te kom haal.

9 Nou ek weet julle het diens hier, vanaand, dink ek. En ek is gesê, 'n paar minute gelede, dat—dat julle vanaand hier diens het, so ek sal opskud so gou as moontlik.

10 Want, ek het Maandagaand, Dinsdagaand, Woensdagaand, sovoorts, hierdie week, so ek vertrou dat die Here ons sal seën. Ons gaan vir die siekes bid. Ons gaan Christus verkondig, as Hy wil, as dit Sy wil is, in al die krag van Sy opstanding wat Hy ons sal toelaat om te doen. En wat Hy ook al gee om te doen, dit wil ons met ons hele hart doen. En ek—ek weet dat Hy ons sal seën as ons Hom maar net sal glo.

11 En nou net voor ons die Woord oopmaak, om Dit te lees, wil ek weer met Hom praat, terwyl ons ons hoofde buig en nou stil word, en vertrou die verwarring is verby. Ons besef, alle Christene weet, dat die vyand, ons vyand, aan elke kant werk. Maar, sien, wanneer dinge soos daardie gebeur, bly net rustig. God weet waaroor dit alles gaan. Sien, sit maar net stil, Hy het dalk iets gedoen waarvan julle dalk juis nou niks van weet nie. Laat ons met Hom praat.

12 Vader, ons bid nou dat U die see sal kalmeer, die magtige Here Jesus nou op Sy Woord sal instap, en aan ons bekend sal stel, in 'n nuwe sfere, en Sy krag en manifestasies. Ons vra dit, soos ons Sy Woord lees, mag Dit vandag aan ons harte lewend gemaak word, dat ons Hom kan ken, in die krag van Sy opstanding. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

13 Nou as julle sal blaai in die Boek van Deuteronómium. Ek wil 'n vers, of twee, lees uit die Boek van Deuteronómium, die 16de hoofstuk van Deuteronómium.

> *Onderhou die maand Abib,* wat April beteken*, en hou pasga vir die* HERE *jou God; want in die maand Abib het die* HERE *jou God jou in die nag . . . Egipte uitgelei.*
>
> *En jy moet vir die* HERE *jou God as pasga kleinvee en* van die *beeste slag, op die plek* waar *die* HERE *sal* plaas (verskoon my) . . . *op die plek wat die* HERE *sal uitkies om Sy Naam* daarin *te laat woon.*
>
> *Jy mag geen gesuurde brood daarby eet nie; sewe dae lank* sal *jy ongesuurde brood* daarin *eet,* en *die brood van ellende — want baie haastig het jy uit Egipteland uitgetrek — . . . jy al die dae van jou lewe die dag* dat jy kom *uit Egipteland in gedagtenis kan hou.*
>
> *En daar mag by jou sewe dae lank geen suurdeeg in* jou, die hele gebied, *jou hele grondgebied gesien word nie; ook mag niks . . . vleis wat jy die eerste dag in die aand slag, tot die môre toe oorbly nie.*
>
> *Jy mag die pasga nie slag in een van . . .* poort *wat die* HERE *jou God aan jou gee nie.*
>
> *Maar op die plek wat die* HERE *jou God sal uitkies om sy Naam daar te laat woon, moet jy die pasga slag, in die aand,* en *teen sononder, op die tyd van jou uittog uit Egipte.*

14 ['n Baba skree nou, in die gemeente—Red.] Asof ons weer probleme het. Ek meen ek kan harder skree as daardie soort ding, sien. Sien?

15 Dis 'n baie vreemde teks waaroor ek 'n rukkie wil praat, vanmiddag, is oor: *God Se Voorsiene Plek Van Aanbidding.*

16 Nou, dit is ongewoon. Maar soos ek gesê het, al baiekeer vantevore, dat God gewoonlik vertoef in ongewone maniere, ongewone plekke, ongewone dinge doen, omdat Hy ongewoon is. Wie ook al in Hom glo, tree ongewoon op. Daar is baie, baie dinge wat ons graag sou wou sê oor Sy ongewoonheid. Maar ek weet dat almal, wat bekend is met Hom, weet dat Hy ongewoon is, die ongewone dinge doen, sommige soms op die ongewone tyd. So ons vertrou vandag dat God hierdie sal seën, hierdie lees van die Woord, en die teks wat ek gekies het om met julle oor te praat.

17 Nou, wat ek dink ons probleem hier veroorsaak het, was, hulle het daardie bandopnames ingeskakel daar, en sommer die stroom reg uit die mikrofoon uitgetrek. So, as hulle dit nie regmaak nie, wel, sal julle my in elk geval hoor. God sal ons ore regmaak sodat ons kan hoor.

18 Waarom ek oor hierdie teks wil praat, en dis ’n goeie tyd om dit te doen, by die Volle Evangelie Sakemansbyeenkoms, is omdat al die kerke, of baie van hulle, verteenwoordig is in hierdie groep, alle verskillende denominasies.

19 En ek vind, baiekeer, dat mense, ontmoet hulle op straat, op die hoofpaaie, en op vliegtuie, treine, busse, sal ek vir hulle sê: “Is jy ’n Christen?”

20 Een van hulle sal sê: “Wel, ek’s Metodis. Ek’s Baptis. Ek’s Presbiteriaan. Ek’s Luthers. Pinkster,” of iets van daardie aard. En al. . . [Mikrofoonstelsel skree—Red.]

21 Elkeen het ’n denominasie wat hy wens te verteenwoordig. En dis volkome in orde om deur ’n denominasie verteenwoordig te word, maar, steeds, die slegte daarvan is, dat elkeen dink dat hierdie sekere groep die enigste groep is wat—wat Hemel toe sal gaan, en dis die enigste een waarin—waarin God verteenwoordig word, hoegenaamd, is iemand se sekere groep. Ek het gedink vanmiddag sal ’n goeie geleentheid wees om dit op te klaar. [Gemeente gee applous—Red.] En miskien is dit waarom Satan aanhou om aan hierdie mikrofoon te werk. Weet julle, enigiets wat die mens maak, sal buite orde raak, maar wat God maak raak nie buite orde nie. So synde ’n goeie geleentheid om dit te doen, ’n goeie plek om dit te doen, so, God help ons, dat, deur Sy genade, sal ons probeer om ons bes te doen om daaroor te praat.

22 Nou hierdie teks, kom uit die Boek van Deuteronómium. Ek verstaan dat Deuteronómium. . . waar ek ’n paar Skrifte en dinge hier neergeskryf het.

23 Dit was altyd so dat ek baie vinnig aan hulle kon dink, maar vandat ek vyf-en-twintig verby is, die tweede keer, raak dit ’n bietjie moeilik vir my om dit alles te onthou. So, ek gaan in die kamer in en bid. En soos Hy my die Skrifte gee, skryf ek hulle af, en miskien ’n nota af en toe, daarby, hou soort van my gedagte aan die gang soos dit was toe Hy dit vir my gegee het.

24 *Deuteronómium* synde ’n Griekse woord wat beteken “twee wette,” die woord Deuteronómium. En God het twee wette.

25 En een van hulle is die wet van die dood, vir ongehoorsaam aan Sy Woord. Ons vind dat, toe Eva aan Sy Woord ongehoorsaam was, het dit die dood gebring. Dis een van Sy wette: “Die dag dat julle daarvan eet, daardie dag sterf julle.”

26 En dan het Hy ’n ander wet, wat die wet van die Lewe is, vir gehoorsaamheid, as jy nie sulke dinge doen nie. Wel, Sy Woord onderhou, sal jy lewe.

27 Dit kom neer op twee dinge, op my manier van dink, dis, of Sy Woord onderhou of ongehoorsaam wees aan Sy Woord.

28 Een van hierdie wette is gegee by Berg Sinai. En die ander is. . . Dis die wet van die dood. Die ander wet is gegee by Berg Gólgota, waar die wet van die Lewe gegee is, deur Christus Jesus.

Hy het ook twee verbonde.

29 Hy het 'n verbond gehad met Adam, die eerste mens op aarde. En daardie verbond was op voorwaardes: "As jy *so-en-so* maak, sal Ek *so-en-so* maak." Adam sou iets moes doen om hierdie verbond lewend te hou voor God. Hy moes in God se weë wandel, Sy hele Woord onderhou, nie een Woord verbreek nie.

30 Maar toe het Hy 'n ander verbond gemaak, en dit was met Abraham. Hierdie verbond was nie op voorwaardes nie, maar was onvoorwaardelik. God het die verbond aan Abraham gegee, geen beperkings daaraan, hoegenaamd nie. Onvoorwaardelik! Nie: "Ek sal," nie. "Ek het! Ek het dit alreeds gedoen."

31 En dis die wet waarvolgens Christene moet lewe. Is nie wat ons self doen nie, maar wat Hy vir ons gedoen het. Christus is alreeds geoffer. Nie: "Hy sal word" nie. Hy is al! Dis 'n voltooide produk. Hy het geleef, gesterf, weer opgestaan, na die Hemel toe opgevaar, het teruggekom in die vorm van die Heilige Gees. So, dis 'n voltooide taak, by God. Christus, wat geen sonde geken het nie, het my sonde geword; dat ek in Sy plek kon staan, het Hy my plek ingeneem. Ek was in Hom, by Gólgota, toe Hy gesterf het. Daar moet ek saam met Hom sterf, om te lewe. Want die wet van sonde en dood is in die liggaam, jy moet sterf, om met Hom versoen te word.

32 Maar nou kry ons al hierdie woorde wat ons sou kon gebruik, hierdie groot tekste, waarmee ons almal bekend is met baie van hulle, en die groot tipes van die Skrif. Maar, vanmiddag, word ons gekonfronteer hiermee, dat, ten spyte van dit alles, Hy steeds sê daar is net een plek waar Hy jou sal ontmoet, ten spyte van al ons verskillende teorieë. Ons het Judaïsme gehad. Ons het Mohammedanisme gehad. Ons het gehad. . . Ons het allerhande soorte gelowe en denominasies, kerke, ensovoorts, maar tog het God gesê daar is net een plek waar Hy jou sal ontmoet. Al daardie plekke, elkeen sê dat: "Hy ontmoet in my kerk. En as jy nie aan my kerk behoort nie, sal Hy—Hy jou nie ontmoet nie. Jy, jy moet net in hierdie groep wees of Hy—of Hy sal jou nie daar ontmoet nie. Of, Hy sal jou nêrens anders as net daar ontmoet nie, liewer."

33 En dan vind ons hier uit dat Hy wel een plek het, maar slegs een plek. "Jy moet die offerande offer in die plek wat die Here jou God sal uitkies." Nou Hy het 'n gekose plek waar Hy die aanbiddende kinders ontmoet, en hulle moes nie êrens anders offer as net op daardie een plek nie. Enige ander plek sou nie werk nie. Hy het een sekere plek gehad waar Hy hulle sou ontmoet. En een plek, alleen, is waar Hy die aanbidder ontmoet.

34 En dan, as dit waar is, moet ons liewer baie versigtig wees dat ons daardie plek kry. Ek dink dis baie betaamlik vir ons,

dat as mense wat weet ons sterf, en leef in ’n sterwende ras, lewe in ’n sterwende eeu, lewe in ’n sterwende nasie, onder die banier van die dood.

35 En hierdie wêreld moet spoedig ten einde kom. Dit kan nie baie langer aangaan nie. Sonde is te diep. Dis verby hoop. Daar is nie meer hoop vir die wêreld nie. Dis daarby verby.

36 Ek glo die Heilige Gees versamel in die velde, kry *hierdie* een en *daardie* een, want die uur is ver heen. Die Evangelie is aan elke nasie verkondig. Ismes en dinge het Dit gevolg, maar tog het die Evangelie nietemin voortgegaan.

37 En nou, in die endtyd, sien ons die dinge gebeur soos wat hulle doen, daar’s ’n groot waarskuwing onder die uitverkore mense van God, om te vind wat reg is. En dit betaam ons om dit te weet. Nou, nie iemand se teorie nie, maar om te weet wat die Waarheid is, wat die Bybel sê wat die Waarheid is. Want, dit sal een van die dae te laat wees, vir ons, en dit mag die dag wees, so laat ons werklik ag slaan op wat God gesê het.

38 Onthou, wanneer God ’n Woord spreek, kan Hy dit nooit terugtrek nie. Hy moet altyd dieselfde bly. Hy kan nooit iets sê, en dan sê: “Wel, Ek—Ek het nie presies dit bedoel nie.” Sien, Hy is oneindig. Hy weet die beste, van die begin af. Ons sê dinge wat ons dink die beste is, dan na ’n ruk trek ons dit terug. Maar God kan dit nie doen nie, en God bly nie. So as Hy oneindig is, doen Hy—Hy dit nie, want Hy is volmaak in elke Woord. Hy uiter nooit ’n Woord, tensy dit Ewig is nie. Al Sy Ewiges was by Hom van die begin af. Sy gedagtes, Sy eienskappe, en hulle druk hulleself net uit in die wêreld vandag.

39 Nou, onthou, Hy het ’n voorsiene plek, een plek alleen waar Hy die gelowige kinders sal ontmoet. Enige ander plek sal nie werk nie.

40 Onthou, Jesus het gesê, toe Hy hier op aarde was, gepraat het met ’n klomp mense wat baie godsdienstig was, baie goed, baie gekultiveerd, ’n baie ywerige volk, van God, maar Jesus het vir hulle gesê: “Tevergeefs aanbid julle My,” het hulle tradisies van die mens as Leer onderrig. Onthou hoe godsdienstig daardie mense was, en hoe ywerig vir God. Ek meen as ons die mense sou tel wat yweriger was, van vandag of daardie dae, sou hulle yweriger gewees het as wat ons is. Baie meer! Wanneer dit kom by die onderhou van die tradisies en wette, en dinge, hulle het daarvolgens gelewe. En hulle was baie ywerig vir God, en hulle het in God geglo. Maar Jesus, God wat vlees geword het onder ons, het gesê: “Tevergeefs aanbid julle My.” Nou, Hy het nie gesê hulle het Hom nie aanbid nie. Hulle het Hom aanbid, maar tevergeefs.

41 So enigiets tevergeefs is van nul, geen waarde nie, help glad nie. Jy moet dit nooit doen nie, want jy mors net jou tyd. Jy mors jou asem, jy verkwis jou pogings, totdat ons so ver kom om te weet wat ons doen.

42 Sekerlik, as God verwag dat mense volmaak moet wees, soos Jesus gesê het: "Wees julle daarom volmaak soos wat julle Vader in die Hemel volmaak is," moet daar êrens 'n bietjie voorbereiding wees. En Hy het gesê: "Ek sal die plek kies waar die mense My sal aanbid. Op geen ander plek sal Ek hulle ontmoet nie." En, nou, dit moet daardie plek wees, en ons behoort dit op te soek. Uitvind waar dit is, en dan daarheen gaan. En ek dink ons behoort daarheen te keer, vinnig, wanneer ons die plek kry, ander dinge alleen te laat.

43 Nou, onthou, Jesus het gesê in hierdie selfde Skrif hier wat ek aanhaal. Die mens se tradisie is dan tevergeefs. Ons moet nooit daarmee peuter nie. Daar moet êrens 'n plek wees waar Hy 'n plek vir ons voorsien het, waar ons kan kom en die aanbidding aangeneem sal word. Nou, onthou, behalwe by daardie gekose plek, maak nie saak hoe opreg jy is, hoe fundamenteel jy is nie, jy aanbid tevergeefs.

44 Ek weet dit klink kru. Maar, die gebou is omtrent klaar, ons wil dit nie laat skud nie. Laat ons dit vasbout met die Evangelie, sodat wanneer mense julle op straat ontmoet, of waar julle ook al is, julle Christene, dat julle 'n antwoord vir hulle sal hê.

45 In die uur wanneer hulle sê: "O, *hierdie* is Dit. En ek het *hierdie* dit sien doen, en *daardie* dat sien doen." Sekerlik, al hierdie dinge moet gebeur. Maar daar is 'n plek wat deur God alleen voorsien is, en dis die plek waar God die aanbidder ontmoet, alleen.

46 Let op die 2de vers: "Aanbid op die plek wat Ek uitgekies het." Gekies het waarvoor? In hierdie plek wys dat Hy 'n plek het waar alle mense aanbid. Ander plekke is tevergeefs. "En in hierdie selfde plek," het Hy gesê: "het Ek verkies om My Naam in hierdie plek te plaas. Ek sal 'n plek uitkies, en Ek sal My Naam daarin plaas, in hierdie plek waar hy gaan aanbid."

47 Nou, dit toon dat daar een plek is, net een. Dit moet God se keuse wees; dit kan nie ons s'n wees nie. Daar kom geen keuse vir ons nie; Hy het dit alreeds gekies. Nou, wat God kies is reg. Ek kan verkeerd kies, jy kan verkeerd kies, maar God kan nie. Kies reg. Per slot van sake, dis, Hy's die een wat aanbid word. En Hy het die plek waar Hy wil hê Sy aanbidders moet daar ontmoet, en ons moet Hom daar ontmoet. Dit is die enigste plek waar Hy bly; enigste plek vanwaar Hy jou sal hoor.

48 Laat ons ook hier oplet: "Die plek wat Ek gekies het om My in te aanbid, Ek sal My Naam in daardie plek laat woon."

49 O, nou laat ons die Skrifte ondersoek vir daardie plek waarin Hy Sy Naam het. Nou het ons skaduwees en tipes,

regdeur die Bybel, ons weet dit, van verskillende plekke waar Hy die mense ontmoet het, maar dis nie die plek waar Hy hulle vandag sal ontmoet nie. Want hulle het net iets voorafgeskadu, gekom tot die werklike plek waar Hy die mense sal ontmoet, die plek, die Kerk waarin Hy sal ontmoet. En daar is 'n plek, daar is 'n Kerk, waar God beloof het om die mense in hierdie plek te ontmoet en hulle gebede te verhoor, as hulle maar na hierdie plek sou kom en Hom aanbid.

50 Nou ons vind uit dat daar baie is wat aanspraak maak daarop dat—dat hulle die plek het, God se Naam in hulle plek is. Maar, julle sien, *hulle* het God se Naam daarin geplaas. Daar is 'n groot verskil tussen God wat Sy Naam daar plaas, en iemand wat daar, Sy Naam daar sit. Sien? Ons moet onthou dat God gesê het, Hy sou plaas. "Ek het My Naam geplaas. Ek sal My Naam in hierdie plek laat woon. En dit is die plek wat Ek uitkies, en uitgekies het, dat mense moet aanbid."

51 Dit, bring ons nou in sig van hierdie skaduwees van die tyd, bring vir ons Christus in sig. Die hele Ou Testament het Jesus voorafgeskadu. In Egipte, daardie nag toe daar 'n—'n paaslam geslag moes word vir die beskerming van die mense, besef ons dat God een plek gehad het, een voorwaarde. Maak nie saak hoe jonk, hoe oud 'n priester, 'n kerkman, wat jy ook al was nie, jy moet op hierdie sekere plek wees. Almal buite daardie plek, het omgekom. Jy moet in hierdie een plek wees, 'n plek wat Hy voorsien het.

52 Nou, ons sou baie tyd kon spandeer, vanmiddag, met verduideliking dat, wat net hersiening sou wees van wat ons alreeds weet, van hoedat Christus voorafgeskadu is in die tipes. Die Offerlam, hoe dit onderhou moes word, 'n manlike sonder gebrek, en hoe dit deur die oudstes doodgemaak moes word, en hoe die bloed aan die deur gesprinkel moes word, skadu alles die koms van Christus vooraf. En onder hierdie gestorte bloed was die plek waar God die aanbidder ontmoet het, toe die Doodsengel deur die land gegaan het.

53 Ek glo dat ons gereed is om uit Egipte uit te gaan, een van die dae, en in hierdie beloofde Land in te gaan. En dit is tyd dat ons op die regte plek kom, en hierdie rondgeskarrel uitlos. "Ek's Presbiteriaan. Ek's Metodis. Ek's Baptis. Ek's *dit*. Ek's *dat* of die *ander*." Kom uit daaruit, en vind waar hierdie plek is, want daar is dood oral behalwe by Sy gekose plek. Dood sal tref net so seker as die wêreld, as ons nie op Sy gekose plek is nie. Maar waar Hy kies, kan dood nie kom nie.

54 As julle oplet in die offerlam, dood het alreeds daar besoek. Dood het na hierdie plek gekom omdat die lam gesterf het. Dood het alreeds besoek. En so waar dood besoek het, het God dan beloof sou Sy plek wees. Dan, met Hom in sig, sien ons nou wat die offerlam was, wat die plek van lewe op daardie tydstip was.

55 Nou, vir my, weerlê dit alle argumente. Met Christus wat in sig is, synde die Offerlam, dan weerlê dit alle denominasies, alle geloofsbelydenisse, alle dogmas, alle kerkagtigheid. Dit weerlê die hele ding. Dis reg, want ons vind, hier, met Hom in sig, want Hy is die suiwer onvervalste Woord van God. Johannes 1, het gesê: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon.” Daarom is Hy God se onvervalste Woord wat vlees geword het, gemanifesteer is.

56 En met dit in sig, sou ons dit nie kon verbind aan enige kerk in die wêreld vandag, enige denominasie nie. Enige plek soos hierdie, sou ons dit nie aan kon verbind nie, omdat dit nie so is nie. Ons plaas Christus se Naam op ’n gebou, noem dit die kerke van “Christus,” en *dit*, *dat*, of die *ander*. Dit maak dit nie so nie. Dit doen dit nie, glad nie. Wanneer God Sy Naam in iets plaas, is dít wat dit doen.

57 Nou, daar is niks in die Bybel wat ons moderne organisasies sou tipeer nie, behalwe Babilon. Dis die enigste tipe in die Bybel van ons moderne organisasies, georganiseerde godsdiens, omdat dit gestig is deur Nimrod en ’n gedwonge eenheid onder godsdienstige mense was. En dit is wat die gelowe en ons denominasies vandag doen, dwing eenheid af: “Jy behoort óf hieraan of jy’s uit!” En ons kom nou, soos ons kan sien, by ’n indwing van almal in een groot eenheid daarvan. Maar dit is ’n meganies gemaakte advies van ’n mens, en dit kan nie standhou nie. Dit is nie God se wil nie. Dit is nie God se program nie, maak nie saak hoe mense probeer sê dit is nie. Dit is nie. Dit kan nie wees nie. Dis net onmoontlik, dat dit sal wees. God sal nie Sy Naam plaas in so—iets soos dit wat Sy Woord ontken nie. Hoe kan God leef in iets wat Sy Eie Woord ontken? Jy kan dit nie doen nie.

58 So ons vind uit, dit is nie verbind aan enige kerk, Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Pinkster, Katoliek, Grieks—Ortodoks, wat dit ook al mag wees nie. Dit is nog nie God se plek van aanbidding nie.

59 Nou laat God, Wat hierdie belofte gemaak het, na vore kom en dit bewys, dat dit reg is. Dis hoe dit gedoen moet word. As Hy steeds God is, is Hy steeds God! As Hy ooit God was, bly Hy God!

60 En nou sien ons hierdie gedwonge godsdiens, nou reg in sig, om al die groepies in “een groot eenheid”, noem hulle dit, in te bring party van hulle glo *hierin* en party glo *daarin*; en sommige ontken *dit*, en sommige ontken *dat*. Die Bybel het gesê: “Hoe kan twee saamloop tensy hulle ooreenkom?” Dit sal nooit werk nie.

61 Ons moet in ’n ooreenkoms wees. En wat in ooreenkoms met wat? Nie soveel in ooreenkoms met mekaar as wat ons in ooreenkoms met die Woord, met God, moet wees nie. Dis waarmee dit in ooreenkoms moet wees.

62 Nou ons vind uit dat ’n gedwonge eenheid voorgestel is deur groepe mense by Babilon. God kan nie Sy Naam plaas in so—iets soos dit nie. Hy het nooit en Hy sal nooit nie. Al het hulle dit probeer, het hulle hulle naam daarin gesit, Sy Naam daarin probeer sit, maar dit is nie so nie.

63 Maar ons moet vind waar Hy Sy Naam geplaas het, want dit is die plek en die enigste plek wat Hy voorsien het vir die Christene om te kom, en gelowige kinders, en Hom in hierdie plek te aanbid. Wat sou hierdie plek wees?

64 Nou om dit te ondersteun, sou ons die hele Bybel kon neem om te ondersteun wat ek gaan sê. Want, die plek wat Hy gekies het is in Christus, in Jesus Christus. Dit is in Hom, Sy Seun; God se Seun, Jesus Christus.

65 “Wel,” het jy gesê: “ek het gedink die Skrif lees hier dat Hy gesê het Hy sal die plek uitkies, en Hy sal ook Sy ‘Naam’ in daardie plek plaas.”

66 Wel, die seun neem altyd die vader se naam. My naam is Branham omdat my vader Branham was.

67 En Jesus het gesê dat Hy in Sy Vader se Naam gekom het. Johannes 5:43: “Ek kom in My Vader se Naam en julle ontvang My nie,” daarom is dit daar waar God Sy Naam geplaas het, onder die offerande van Sy Eie Seun! Dis God se enigste voorsiene plek. Dit is daar waar mense God kan ontmoet, is in Christus. Dit is Sy voorsiene plek. Geen denominasie, geen geloofsbelydenis, niks anders, het God beloof om te ontmoet nie. Slegs in Jesus sal Hy ontmoet, want dis die enigste plek waar Sy Naam is.

68 Ons hoor ook vir Jesus, soos ek met die Skrifte vervolg, in Johannes, Johannes die 5de hoofstuk en 43ste vers, het Hy gesê: “’n Ander sal kom, en in sy naam kom, en hom sal julle ontvang.” Ons kan by ’n geloofbelydenis aansluit, ’n “ander”, ons kan by ’n denominasie aansluit, julle sal hom ontvang; maar wanneer jy Jesus ontvang, is dit anders. “’n Ander sal kom: ‘Ek sal sê ek’s Metodis, ek’s Baptis, ek’s Presbiteriaan,’ julle sal dit nou wel ontvang. Maar Ek kom in My Vader se Naam, doen dit wat die Vader gesê het Ek sou doen, en julle ontvang My nie.” Hy het gesê: “Johannes het gekom, en hy het ’n groot getuienis gehad, maar Ek het ’n groter getuienis in God—in God as wat Johannes gehad het. Want wat die Vader My gegee het om te doen, dit doen Ek,” die Woorde wat van Hom geskryf was, wat Hy in daardie dag moes wees. Want Hy was . . .

69 Sy Naam was God. God het baie titels. *God* is ’n titel, Sigself, is genoem Jehova-jireh, Jehova-rapha, Jehova- manasse. Hy is genoem die Roos van Saron, Lelie van die Dale, Môrester; Alfa, Oméga, Begin en Einde; dan Vader, Seun, Heilige Gees; al hierdie titels.

70 Maar Sy Naam, God se Naam is "Jesus Christus," die Gesalfde. Dit is Sy Naam. Hy het baie titels gehad, maar een Naam, die enigste: "Nie 'n ander Naam onder die Hemel gegee onder die mens, waardeur julle gered moet word nie." Ons vind dat dit waar is.

71 Ook hierdie waarskuwing, dat: "Wanneer hierdie ander een kom, dat hy in sy eie naam kom: 'Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Pinkster,' ensovoorts, sal julle hom ontvang. Julle sal by hom aansluit." Maar Christus word weggewys. Hulle wys Dit weg.

72 Die profeet het gesê! Laat ons Sy Naam 'n bietjie nagaan. Die profeet het gesê: "Sy Naam sal genoem word 'Emmanuel.'" Nou, Jesaja het dit gesê, ongeveer die 7de hoofstuk. En ook in Matthéüs 1:23, is gesê: "Dit is alles gedoen, dat dit sou vervul wat van die Here gesê is deur die profeet, wat gesê het: 'Sy Naam sal genoem word *Emmanuel*, wat deur interpretasie is: "God met ons."'"

73 Emmanuel, en Sy Naam was Jesus, God met ons, met Sy Vader se Naam. Hy het in Sy Vader se Naam gekom. Dit is waar God Sy Naam geplaas het, in Sy Seun. Dit is die enigste plek waar jy Hom kan aanbid. Die enigste plek waar God jou ooit sal ontmoet, is in daardie Seun wat getipeer is deur die offerlam. En regdeur die Ou Testament, het alles tipes gebring van daardie een ding, dat alleen daardie plek, God, alleen, onder die offerbloed ontmoet het. Enigste plek waar Hy ontmoet het, is die enigste plek waar Hy vandag ontmoet; dis nie in die naam van geloofbelydenis, of in die naam van 'n denominasie, naam van 'n kerk, of naam van 'n groep, of naam van 'n genootskap nie, maar in die Naam van "Jesus Christus!"

74 Ek het dit getoets toe ek 'n jongman was. Ek het dikwels gehoor van spiritualisme, van die Duiwel, hoe hy dinge doen. En ek het geweet as daar 'n God is, moet daar 'n Duiwel wees, omdat die Bybel gesê het daar is 'n Duiwel. En hy, ek het gedink. . .gehoor van hierdie spiritualiste. Ek het na 'n paar van hulle gegaan, uitgevind hulle is onegtes, niks daaraan nie, net 'n groot klomp skyngeloof. Maar ek het uitgevind daar is sommige van hulle wat ware spiritualiste is.

75 En ek was eenkeer by 'n kamp, waar ek en 'n prediker hulle daarin gaan sien het. Hulle het die tafel van die vloer af opgelig, en het whiskyglase daarop gesit gehad; en het daardie tafel gevat, dit heen-en-weer gedraai. En 'n kitaar het deur die gebou gevlieg; mense se klere. Het dit daarbo gehad, in die kamer. Gesê, hierdie medium het gesê: "Ek daag enigeen uit om dit te laat val."

76 Twee mans het gesê: "Ek sal dit afkry." Hulle het dit aan die pote gegryp, *so*, en dit probeer teëhou. Dit wou nie. Wel, daardie tafel het hulle sommer dwarsoor die vloer gegooi.

77 Julle moenie net rondsit nie. As jy nog nooit 'n sendeling was en op die velde was nie, is al ding wat jy weet maar net die

gedagte van ’n Duiwel. As jy hier kyk na sommige van hierdie mense wat in die strate rondloop, kan jy hom sien. Maar daar is ’n Duiwel! Is beslis.

78 En mense aanbid die Duiwel, weet nie eens wat hulle doen nie. Hulle aanbid die Duiwel in kerke: “Onderrig vir Leer die verordeninge van mense, geloofsbelydenisse—geloofsbelydenisse en tradisies.” Ek het gesê . . .

79 Hierdie vrou het na my toe geskree, en gesê: “Hulle sê my jy is ’n prediker.”

Ek het gesê: “Ek is.”

80 Sy het gesê: “As jy dan nie . . . ” Het gesê: “Wat dink jy hiervan?”

Ek het gesê: “Dis die Duiwel.”

81 En sy het gesê: “Wel, dan, as jy soveel krag het, laat dit val.”

82 Ek het gesê: “Ek het nie enige krag nie, glad nie. Ek het geen krag nie, maar ek is hier en verteenwoordig Een.”

83 Ek het gesê: “Here Jesus, U het gesê, in Markus die 16de hoofstuk: ‘In My Naam sal julle duiwels uitdryf.’” Ek het gesê: “Nou, dat U dienskneg kan weet, terwyl die stryd voor my lê!”

84 Ek het gesê: “Ek beveel daardie tafel om te val, in die naam van die ‘heilige Kerk,’” en dit het net daar gebly. Ek het gesê: “Ek beveel daardie tafel om daar te val, in die naam van die ‘Vader, Seun, en Heilige Gees,’” dit het net daar gebly. Ek het gesê: “Ek beveel daardie tafel om te val, in die Naam van ‘Jesus Christus,’” en was asof al vier pote kon afbreek, met die tref van die vloer!

85 “In My Naam sal hulle duiwels uitdryf!” Dis die Naam van die Vader. Hy het Sy Naam geplaas in Jesus Christus. En in Hom ontmoet Hy, om te aanbid. In Hom ontmoet Hy, om duiwels uit te dryf. In Hom ontmoet Hy, om die siekes te genees. In Hom ontmoet Hy, om te red. In Hom ontmoet Hy, om te red, te vervul met die Heilige Gees. Dis God se enigste plek om mense te ontmoet vir aanbidding. Nou, ons vind uit dat Jesus ook gesê het dat . . . Die woord, Naam *Jesus*, beteken “Jehova-Redder,” Jehova die Redder.

86 Onthou: “Jy mag die Here nie aanbid . . . ” Waarom? Vers 5: “Jy mag die Here nie aanbid in enige poorte, waar die Here God jou gee nie. Enige poorte, jy mag Hom nie daar aanbid nie,” het God gesê, in 5de vers hier, van Deuteronómium 16. “Jy mag Hom nie aanbid in enige poorte, wat die Here God jou gee nie. Hy gee jou hierdie dinge as versoekings.” Ons gaan daarby kom, hierdie week, as die Here wil, sien of God Sy Woord terugtrek, of nie. Let op, Hy gee jou daardie poorte, maar moenie die Here in enige van daardie poorte aanbid nie, want die Here jou God gaan jou nie daar ontmoet nie.

87 Maar die Here God het die poort gekies. Hy het die deur gekies. Jesus het gesê, in Johannes die 10de hoofstuk: “Ek is die deur tot die skaapkraal. Ek is daardie deur.” Hy is Jehova-Redder.

88 Nou ons sou hier ure lank kon voortgaan, dit te verduidelik. Maar ek is seker julle verstaan dit, deur julle optrede, dat julle—julle reageer op die Waarheid en op die Woord. So ons sal nie enigsins verder gaan nie, jy kan dit neem waarheen jy wil. Oral waar jy kom, as dit die Waarheid is, sal dit reg in lyn val met die res van die Woord. Jy kan die Bybel nie een plek een ding laat sê, en iets anders ’n ander plek nie, dis teenstrydig met wat Hy eers gesê het. Dit moet die heeltyd dieselfde wees.

89 Ek laat ’n klomp Skrifte hieroor hier uit, net omdat ek sien dit word laat. En ons suster en hulle het vanaand hier diens, en ons wil vir die siekes bid. Dit is, en vind uit, Billy, of hulle ’n paar gebedskaarte het.

90 [Iemand sê: “Geen diens vanaand nie.”—Red.] Geen diens nie. Goed. Goed, goed. Goed. Laat ons uitvind. Goed. Goed. [Gemeente gee applous] Ons vertrou dat die Here hierdie dame hieroor sal seën, om ons hierdie plek te laat kry, ons hierdie tyd te gee.

91 Daar is soveel onfeilbare bewyse dat Jesus die plek is. Hy is die poort, Hy is die Naam, en die enigste voorsiene weg wat God vir die mens het om in aanbidding te ontmoet. Hy is die Weg, die Waarheid, die Lewe; die Poort, die Deur; die Alfa, Oméga, die Begin en die Einde, Roos van Saron, die Lelie van die Dale, die Môrester; die Alfa, Oméga. Hy is alles, die hele ding saamgevoeg. Hy is beide Wortel en Nageslag van Dawid, die Blink en Môrester. In Hom woon die volheid van die Godheid, liggaamlik, waar ons daarin seuns en dogters vir God is, in God se Godheid. Ja. As seuns en dogters, is ons in die familie, as jy daarin is.

92 Nou hoe kom ons in hierdie groot plek om te aanbid? Dis die volgende vraag. Hoe kom ons in hierdie plek, as Jesus die plek is? Hy is die Naam van God. Hy is die plek van God se aanbidding. En Hy is die enigste deur na die skaapkraal. En ons wil uitvind hoe ons dan in Hom inkom.

93 Nou, as jy binne die deur is, natuurlik, kom jy in soos die familie, soos ons nou die dag oor gepraat het, die. . .of by die ontbyt, oor die skapie, dat God nie die deur sal toemaak totdat Hy daardie laaste skapie gekry en hom ingebring het nie. As jy ingekom het, dan word jy ’n familielid. Jy’s ’n familielid van God wanneer jy in God ingekom het. Maar jy kan nie ’n familielid van God wees en Presbiteriaan, Metodis, Baptis, en Pinkster wees nie. Jy kan dit nie doen nie. Jy moet in Jesus Christus inkom.

94 “Wel,” sê julle: “ons het dit gedoen.” Ons sal sien of julle dit gedoen het.

95 Laat ons uitvind wat die Bybel nou sê. Ons vind, in Een Korinthiërs, die 12de hoofstuk, het die Bybel gesê: “Deur een Gees word ons almal gedoop tot een Liggaam.” Ons word gedoop in die Liggaam van Christus in, deur een Heilige Gees. Ons word nie ingeskud nie, ons word nie daarin aangesluit nie, ons word nie deur water ingedoop nie. Ons word gedoop met die Heilige Gees, in die Liggaam van Jesus Christus in.

96 Hoe lank duur dit wanneer jy Daar inkom, voordat jy jouself wangedra? Efésiërs 4:30 sê: “Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur julle verseël is tot die dag van julle verlossing.” Argumenteer met Hom, nie met my nie. Dit is wat Dit sê. Ek lees Dit. Goed. “Julle is verseël tot die dag van julle verlossing,” tot die dag dat Jesus vir julle kom. Dink dan daaraan!

97 Jy is dan nie jouself nie, jy is ’n nuwe skepsel, want die Grieks beteken daar “’n nuwe skepping.” Jy’s weer herskep. Die krag van God kom op jou, en jy word geskep, ’n nuwe skepsel; wat die hele fisiese wese, geestelike wese en alles, in onderdanigheid aan die Woord van God bring. Net geen ander manier nie!

98 Hoe kan jy sê dat jy ’n Christen is, en Sy Woord in een ding ongehoorsaam wees? Wie ook al die wet in een—een deel Daarvan ongehoorsaam was, was skuldig aan alles Daarvan. Wie ook al! Jesus het gesê: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan.” Nie net deel van die Woorde nie; elke Woord! Dit het Hy gesê in Openbaring die 22ste hoofstuk: “Wie ook al een Woord sal wegneem uit hierdie Boek, of een woord Daaraan toevoeg, sy—sy deel sal weggeneem word uit die Boek van die Lewe.” Ons mag nie van die Bybel wegneem, of Daaraan toevoeg nie. Sê net wat Dit sê.

99 En in Een Korinthiërs 12, het Dit gesê: “Deur een Gees word ons almal gedoop tot een Liggaam.”

100 Nou nadat jy in hierdie Liggaam is, het Romeine 8:1 gesê: “Daar is dan nou geen veroordeling vir hulle wat in Christus Jesus is nie, wat wandel nie na die vlees nie, maar na die Gees.” Daar is die plek waar daar geen veroordeling is nie. Of jy na ’n Metodiste, Baptiste, Presbiteriaanse kerk toe gaan, waar dit ook al is; as jy in Christus is, is jy ’n nuwe skepsel, en is daar geen veroordeling in jou nie, nêrens nie. Dis God se ontmoetingsplek. Dis waar God die aanbidder ontmoet. Dit is daar waar jy ’n nuwe skepsel geag word, want hulle is dood vir die dinge van die wêreld. Hulle is lewend in Hom. Die lewende Teenwoordigheid van God is met hulle, dag na dag.

101 Hy leef in hulle, deur elke eeu. Elke eeu wat aangekom het, daar deur die Bybel, wanneer die mens God se vereiste nakom, inkom in die plek na waar Hy voorsien het in Sy geskrewe Woord vir daardie dag, maak God daardie persoon ’n nuwe skepsel te wees, en het hy geen veroordeling nie. Kyk na Job.

102 Maak ek julle doof, die manier wat ek op hierdie mikrofone is? Ek is jammer daaroor. Ek weet dis die weerklank hierbinne. Ek hoor dit hier, self.

103 Maar, kyk. Job, ongeag hoeveel mense hom probeer veroordeel, hoeveel gesê het hy is verkeerd, het hy die gebod van God onderhou, deur daardie brandoffer. Hy het geweet hy was geregverdig, omdat hy die gebooie van God onderhou het. Dis hoe hy geregverdig is, omdat hy die dinge gedoen het wat God wou hê hy moes doen.

104 Die lewende Teenwoordigheid van God verlig die dag, elke dag, van die dood van geloofsbelydenisse af, en tot die Lewe en tot die Woord van die dag. Nou, God het dinge wat Hy doen.

105 Soos 'n—'n blommetjie, soos ek gesê het nou die oggend by die ontbyt. Wanneer 'n saad by lig kom, begin hy groei. Dit drink van God se fontein, bly opstoot tot hy kom by die knopdeel, opgaan in die blom, op in die bloeisel.

106 Nou ons vind uit, dat wanneer ons met Christus begin, groei ons op dieselfde manier, omdat ons groei in genade en in vermaning van God.

107 God se enigste voorsiene plan, vir enige eeu, is Sy Woord. Sy Seun het gekom en elke belofte gemanifesteer wat vir Sy eeu beloof is. Al die profete het net mooi presies op tyd gekom, hulle was God se Woord lewend op aarde. Hulle was die Woord. Jesus het gesê dat hulle "gode" was. Jesus het daardie profete "gode" genoem.

108 'n Man het my ontmoet in die laaste byeenkoms wat ek gehad het, hy het gesê: "Jy's 'n swak teoloog."

109 En ek het gesê: "Ek maak nie daarop aanspraak om een te wees nie." Ek het gesê: "Die Woord kom nie na 'n teoloog nie; teologie wel." Die Woord kom...Sien? Ek het gesê: "Slegs teologie kom na 'n teoloog. Maar," het ek gesê: "ons praat van iets anders."

110 Nou ons vind dat, in elke eeu, wanneer God gesê het 'n sekere, ding sou gebeur, hier kom daardie man aan en manifesteer dit, hier kom hulle mense aan en leef dit. Dit was God Self wat in die mense leef, omdat dit 'n beantwoording van Sy Woord was.

111 Nou, God se enigste voorsiene weg en enigste voorsiene plan, vandag, is Sy Seun, deur Sy Woord vir hierdie eeu, lewend gemaak deur die Gees van Sy lewe, lewend gemaak.

112 Nou ons het groot teologiese skole. En baiekeer wanneer ons dit doen...Niks daarteen nie, sekerlik nie. Maar, julle sien, wanneer jy 'n teologiese skool het...

113 Jesus het gesê, in Johannes 4: "Die tyd kom, en is nou, wanneer God, wat 'n Gees is, aanbid sal word in Gees en in Waarheid." Nou sommige mense het Gees, geen Waarheid nie. Ander het Waarheid, geen Gees nie.

114 So dis net asof ons ’n groot motor gehad het, ons êrens heengegaan het in ’n Cadillac. En altwee Cadillac’s is net eenders gemaak, en ons het hulle hier uitgestoot en ons. . .na die tenke toe, en ons het hulle albei vol brandstof gemaak. En jy swaai en swaai een. Wel, jy kyk rond, sê: “Die sitplek is in orde. Die stuurwiel is mooi, daar is diamand—knopies daarop. En weelde, sit. . .sit lekker. En sit agteroor en raak aan die slaap. En, o, ’n klomp dinge wat jy sou kon doen, elkeen, maar, julle sien, een van hulle. . .Altwee het die regte meganika, maar een van hulle het die dinamika. Julle sien, jy ken dalk die meganika, maar dit verg die dinamika om die meganika aan die gang te kry, om hulle te laat werk.

115 En dit is wat die probleem is met die kerk vandag. Ons is vol teologie, sonder enige dinamika daarin. Dis reg. Sien?

116 Met ander woorde, jy moet die vonk by die brandstof hê, of die brandstof is niks meer as. . .Dis nie eens so goed soos water, solank dit nie die vonk het om dit aan die brand te steek nie. So, dis die manier.

117 Maak nie saak hoe goed ons geleer is, hoe goed ons sal glo, en hoeveel van die Bybel dat ons sê waar is nie, en ons glo dis alles waar, dit moet wees die—die dinamika moet daar wees, die vonk, om daardie Woord aan die brand te steek en dit te laat rol. Dit moet dit hê. As jy nie het nie, sit die kerk stil, sit die motor stil, sal jy stilsit. Maar maak nie saak hoeveel jy sê: “Ek simpatiseer. Ek glo elke Woord Daarvan,” nie. Jy moet iets hê om dit aan die brand te laat slaan, om daardie honderd oktaan aan die brand te steek, en die groot Kerk van God te laat voortbeweeg. Dit moet die dinamika by die meganika hê. Niks verkeerd met die meganika nie, maar kort dinamika.

118 En ek dink dis wat die probleem vandag met die kerk is, ons kom daardie dinamiese krag kort, om die Woord te druk en Dit vir hierdie dag te laat lewe.

119 Martin Luther het die meganika en dinamika gehad, in sy dag. John Wesley het hulle gehad, van sy dag. Pinkster het hulle gehad, met hulle dag.

120 Wat van ons dag? Hierdie is ’n ander tyd! Die Kerk behoort nou volgroei te wees, gereed om Christus te gaan ontmoet, met die manifestasie van elke seëning wat Hy in die Bybel beloof het, wat opereer in daardie een groot Liggaam waar Hy beloof het dat Hy die mense sou ontmoet en aanbid sou word, in hierdie groot Kerk van Hom.

121 Maar, julle sien, ons stuur ons kinders weg skool toe, ons leer lees, skryf, rekenkunde, die hele geskiedenis van die profete en alles. Dis in orde, maar tensy jy iets daaragter het!

122 “O,” sê jy: “wel, ek—ek het uitgeroep. Ek het in tale gespreek.” Dis goed. Ek glo dit, ook. Maar dis nog nie

waarvan ek praat nie. Sien, jy sal—jy sal. . .dit sal stik. Jy sê: "Plank—plank, boemp—boemp," soos 'n ou motor wat probeer vat. Jy sê: "Ja, ek glo *dit*. Ek glo *dat*, ook. Maar, waar as dit *hierby* kom, daardie dae, o, nee. Nee!"

123 Sy's honderd oktaan, broer, met die regte soort opwekker agter haar, sal dit elke Woord van God vuur tot die belofte Daarvan. Dis reg.

124 Dis wat die probleem is met ons vandag, ons het amper tot stilstand gekom. Ons wil *dit* glo, *dat* glo.

125 Sê ek iets, Hieroor. "Wel, ek weet nie." Wel, die Bybel het so gesê! Dit handel dit af. As God so gesê het, is dit daar om gedoen te word. As ons. . .As dit is wat God gesê het om te doen, moet ons dit doen. Bly net daar tot God dit afvuur, en dan begin jy dadelik weer loop, julle sien. As jy dit nie doen nie, kry jy die vonkproppe heel aangepak. En so het ons iets anders nodig, ons het iets nodig om ons aan te vuur.

126 Let dan op, nie alleen kom Hy in deur die Heilige Gees, met die leer van Sy Woord nie, Hy manifesteer daardie Woord. Nou onthou, die profete glo die Woord. Hulle glo die Woord van God. En God die Heilige Gees het in hulle ingekom en het daardie belofte aangevuur, en dit in vervulling laat gaan. O, goeiste! Wie gaan dit veroordeel?

127 Jesus het gesê: "Wie kan My veroordeel van sonde? *Sonde* is 'ongeloof.' Wat God ook al geskryf het en wat die profete ook al gesê het, Ek is die Antwoord. Wat hulle gesê het Ek sou doen, doen Ek." Hy het gekom as 'n profeet, die Seun van die mens. Dis presies wat Hy was, en wat Hy geblyk het om te wees. Hy was. Waarom? Die dinamika was daar om die meganika af te vuur. Hy was die meganika, die Seun Self, en die Vader was die dinamika. "Dis nie Ek wat die werke doen nie, dis My Vader wat in My woon. Hy spat die—die—die dinamika uit en laat die ding voortbeweeg. Hy laat dit in vervulling gaan."

128 "Wanneer het ek ooit iets gesê. . ." Soos Samuel eenkeer vir die mense gesê het: "Het ek ooit vir julle iets gesê in die Naam van die Here, wat nie uitgekom het nie?" Sien? "Wanneer het ek dit ooit gesê, en wanneer het dit nie gebeur dat dit uitgekom het nie?"

129 "O, jy, wat jy ons gesê het, het uitgekom, maar ons wil nogtans die koning hê."

130 Dis hoe dit vandag is. Mense wil aan hulle kleinlike ideetjies vashou. Hulle wil aan hulle geloofsbelydenisse vashou. Hulle wil daaraan vashou. Praat dan van 'n herlewing in ons dag, hoe kan ons 'n herlewing hê wanneer dit alles opgemors is soos wat dit is? Water by die brandstof en wat nog daarin, allerhande soorte wasmiddels en al hierdie modernistiese dinge daarin vermeng.

131 Ek het met die pad langs gery eendag, en daar is gesê, een of ander moderne wasmiddel, is gesê: "Jy hoef nie die skottelgoed te was nie, al wat jy moet doen is hulle net doop daarin en doop hulle uit."

132 Ek het gedink: "Ek gaan 'n held wees in my huis." Ek gaan koop vir my 'n houer van die goed.

133 En ek het vir die vrou gesê: "Gaan binnetoe, skat, laat ek die skottelgoed was."

134 Ek het gedink: "Man, daardie manne weet waarvan hulle praat, daardie wetenskaplikes. Ek sal haar wys hoe. Ek sal, sy sal. . .totdat sy dit agterkom, wat ek doen. Doop dit net in en pak dit uit, dis al wat ek hoef te doen."

135 Die kinders het eiers gehad vir ontbyt. En ek het hierdie wasmiddel daarin ingegooi, en het dit ingedoop, uitgedoop, en dit ingedoop en dit uitgedoop. Dit was steeds vol eier. Ja, meneer. Ek glo nie enigiets wat ek op televisie hoor nie, nie meer nie. Nee, meneer. Nee, nee. Nee, inderdaad nie.

136 Dis waarom ek nie glo enige mensgemaakte stelsel kan standhou nie. God het een voorsiene weg. Dit is nie Metodis, Baptis, Presbiteriaan nie; maar dis Jesus Christus, deur die nuwe Geboorte, daardie Bybel te glo. Dis God se voorsiene weg, en die enigste weg wat Hy het, is in Jesus Christus, Sy Seun. En, in Sy Seun, het Hy Sy Naam geplaas. Syne! God se Naam is Jesus, want Hy het in Sy Vader se Naam gekom. En so sal dit God se Naam wees, omdat Hy God was.

137 Nou let op, wanneer hierdie groot bewegende krag van God in 'n seun van God inkom, maak dit hom lewend, die Gees van die Lewe kom in hom in. Wat doen dit dan? Dit laat hulle in Hemelse plekke sit, sommer nou. Nie hulle "sal wees" nie. Ons is nou. Nou het ons alreeds opgestaan, die dinamika en die meganika het te werk gegaan, ons lewend gemaak bo na die Teenwoordigheid van God, waar Sy Gees is. En nou sit ons saam in Hemelse plekke, in Christus Jesus; in Christus Jesus, sit daarin, daardie groot sitplek wat alreeds aangevuur is, opgewek is uit die dood. Ons is 'n deel daarvan. As jy 'n deel van die Bruid is, is jy, want die Bruid is deel van die Bruidegom, julle weet. So ons vind uit dat dit dieselfde ding is, en Sy sal doen presies wat voorspel is vir Haar om te doen in hierdie dag. Sy sal nie 'n Laodicea wees nie, op geen manier 'n louwarme nie. Maar Sy sal aan die brand wees vir God, Sy sal voortbeweeg in die Gees van God.

138 Nou ons soek nou hier om uit te vind. Nou laat ons, nou op hierdie selfde tyd wat dit doen, wat dit ons tref; en, wanneer, ons was eenmaal dood in sonde en oortree, oortredinge, liewer, hy. . .ons is lewend gemaak tesame tot Sy Woord vir hierdie eeu.

139 Nou laat ons dink oor ver terug in ou tye, aan iemand wat lewend gemaak is deur hierdie Woord; net voor ons die gebedsdiens vir die siekes hou. Laat ons 'n paar karakters neem, hulle karaktertrekke bekyk.

140 Laat ons hier 'n man neem wat die hele Woord van God onderhou het, destyds in die Ou Testament, met die naam Henog. Hy is so lewend gemaak deur die Woord van God, dat hy 'n getuienis gehad het, dat: "Hy God behaag het." Daar was nie een ding wat God Henog beveel het om te doen nie, of hy het dit gedoen.

141 Ek wonder hoeveel Henogs vanmiddag hier sal wees, wat, as julle weet dis in die Woord van God? Hoeveel van julle vroue met kortgeknipte hare sou julleself 'n Henogis kon noem, sien, sien, en weet dat God dit veroordeel? Hoeveel van julle mans, wat daardie vroue dit laat doen, sou julleself 'n Henog kon noem? O, goeiste! Dis net een ding, wat van die duisende? En ons smoor, sê: "Ek behoort *hieraan*, en ek behoort *daaraan*." Jy mag daaraan behoort, maar. . .totdat jy in God se voorsiene plek inkom! En jy kan nie daar inkom, tensy jy deel van daardie Woord word nie. En, synde deel Daarvan, word jy alles Daarvan, onderworpe aan alles. Let op, ons het dit hier wat die Bybel "die Woord van God" noem, en, wat, die Woord van God is.

142 Nou ons vind uit dat Henog in God se voorsiene weg ingekom het, met Sy Woord, en vyfhonderd jaar gewandel het, en Hom behaag het. En ons vind uit dat die meganika in Hom so volmaak was, dat toe die dinamika aan die werk gekom het in die masjien, Dit hom sommer van die aarde af weggeneem het. Hy het die eerste vliegtuigvlug gevat, soort van, Hemel toe. Gewerk op God se meganika en dinamika, tesame: "hy was nie meer nie," omdat God hom uit die aarde uitgeneem het, sonder die dood. Dis presies reg. Hy het gewandel in God se voorsiene weg.

143 Dieselfde ding vind ons uit in Elía. Ou Elía het soveel van daardie geverfde—gesig Isébels uitgetrap en haarstyle, ensovoorts, wat hulle gebruik het van daardie dag, die ou man het sy lewe geslyt deur net sonde onder daardie vroue te veroordeel, want hulle het 'n vrou, Isébel, daar gehad om die pas aan te gee.

144 Omtrent net soos jou Hollywood hier het, en het al die susters daarin verstrengel gekry daar. En, die Isébel leef steeds, jy kan maar net rondkyk en jy kan sien sy leef. En sy het steeds groot mag, ook.

145 Nou vind ons uit, die ou kêrel wat 'n profeet was, hy het daardie ding vervloek en alles, perfek in die wil van God gebly. Toe al die res van die predikers verswak het, het hy net Daarby gebly.

146 En eendag het hy so moeg geword, dat, God 'n strydwa van die Hemel afgestuur het, en vuurperde, en hom opgeneem het. Hy

was so vol van daardie lewendmakende krag! Dink net daaraan, met die Woord van God in sy hart, het hy so vol van daardie lewendmakende krag geword wat hom lewend gemaak het!

147 "As die Gees van God, Hy..." Ek meen ons vind in Romeine, 11, of een, 11... "As," staan daar: "as die Gees..." Romeine 8:11, is dit. "As die Gees wat Jesus opgewek het uit die dood in julle woon, sal dit ook julle sterflike liggame lewend maak. As die Gees wat Jesus opgewek het uit die dood, as—as Dit in jou woon, sal Dit ook jou sterflike liggaam lewend maak."

148 Dit lewend maak! Wat beteken die woord *lewend* maak? Die Griekse woord beteken: "om tot lewe gebring te word na dood." Halleluja. Daar's die poort van aanbidding. Aanbidding in die Gees en in Waarheid, meganika en dinamika, tesame. Sien julle wat ek bedoel?

149 "As die Gees wat Jesus opgewek het uit die dood in julle lewe, sal Dit julle sterflike liggame verlewendig, lewend maak, omdat Dit alreeds Lewe is." En wanneer Dit in jou liggaam inkom, bring Dit jou hele liggaam onderdanig Daaraan. Onderdanig waaraan? Die Woord van God. "As dit in jou woon."

150 Nou as dit iets in julle is, wat vir julle sê: "Wel, dit was vergange se dae. En Markus 16 is nie waar nie, en daardie Pinkster-idee van die doop van die Heilige Gees nie." Dit is nie die Gees van God in jou nie. Ek gee nie om hoe goed jy opgelei is nie, jy, dis nie die Gees van God nie. Jy sê: "Wel, my moeder het *hieraan* behoort, en my vader, vir jare, en my broer." Wat jy ook al wil sê van jou familielede, ensovoorts, dit mag in orde gewees het vir hulle; maar dit is nie vir jou nie, sien, jy moet vir vandag in Christus Jesus inkom, vir hierdie eeu en die belofte wat vir hierdie eeu bedoel is.

151 Let op, ons vind uit dat hierdie groot lewendmakende krag Henog getref het, dit het hom lewend gemaak en hy het Huis toe gegaan sonder om te sterf.

152 Dit het Elía getref, hom lewend gemaak totdat hy Huis toe gegaan het sonder om te sterf.

153 Ons vind uit sy opvolger was Elisa, wat daar 'n tipe was van Christus en die Kerk, Elisa. Elía het vier wonderwerke gedoen, en Elisa het agt wonderwerke gedoen. Hy het 'n dubbele porsie gehad, soos wat op die Kerk uitgestort is. [Leë kol op band—Red.] Later het hulle 'n dooie man gehad, dit oorgegooi op sy beendere, en hy het tot lewe gekom. Daardie lewendmakende krag was in die graf saam met hom. Jy kan nie...

154 Dis altyd daar, wanneer jy daardie lewendmakende krag van God kry, word nou met Hom lewend gemaak.

155 Nou onthou, in Christus, is ons vlees van Sy vlees, been van Sy gebeente. Toe God Christus verwond het by Gólgota,

is Hy verwond vir my en jou. Ons is vlees van Sy vlees, en been van Sy gebeente, liggaam van Sy liggaam, Naam van Sy Naam, Bruid van Hom. Sien, ons is in Hom, ons is Sy vlees en Sy gebeente.

156 En God het ons alreeds opgewek, potensieel. Die lewendmakende krag wat ons opgewek het uit 'n lewe van sonde, en ons wese verander het, dit het ons potensieel opgewek in Christus Jesus, waarin, die opstanding ons sal voortbring in die volle wasdom.

157 Nou onthou, ons het gesterf in ons eie naam, is begrawe, en is opgewek in Syne. Sien, ons is nie meer van ons eie nie. Waarvan, daardie groot Naam van "Jesus Christus" wat die Bybel gesê het hier in Efésiërs 1:21, dat: "Beide families, in die Hemel en op aarde, is vernoem na daardie Naam." Dis waar God Sy Naam geplaas het. Dis die familie se Naam in die Hemel. Dis die familie se Naam op aarde.

158 En ons is in Jesus Christus, deur geestelike doop, nie deur water nie; deur Gees, word ons gedoop tot een Liggaam, wat Christus is, die aanbiddingsplek. Dan, synde daarin, is ons op hierdie grond, dis soos die akte uittreksel.

159 Jy sê: "Ek het 'n stuk grond gekoop." Dit is nog nie joune nie, voordat jy 'n uittreksel gekry het nie. Maar as jy 'n uittreksel gekry het, toon dit dat enigiets wat ooit teen daardie stuk grond was, afgeskryf is.

160 En dan wanneer jy 'n Christen geword het en Christus aanvaar het as jou Verlosser, dan, wanneer God die uittreksel afstuur, toon dit dat ongeag wat jou vader gedoen het, jou moeder gedoen het, wat enigiemand anders gedoen het; jou moeder, pa mag miskien dronkaards gewees het, prostitute; wat dit ook al was, elke sonde is afgeskryf! Jy het 'n titel uittreksel. Daar is niks wat jou daarvan kan afsit nie. En, kyk, alles wat op daardie grond is, behoort aan jou! Amen. En wanneer jy in Christus Jesus is, deur die doop van die Heilige Gees, behoort elke gawe van God in die Kerk. Amen. Dis 'n titelakte uittreksel. Jy, dis joune, dit behoort aan jou. Dit maak julle sterflike liggame lewend. O, goeiste, as ons maar daaraan sou dink!

161 Laat ons 'n slag kyk na daardie getroues by Pinkster. Hulle was almal daar in die bovertrek, en hulle was almal bang. Hulle het, hulle het die—die titel gehad, goed en wel, maar hulle was bevrees. "En ewe skielik het daar 'n geluid uit die Hemel gekom," die uittreksel wat na hulle toe afgestuur is: "soos 'n geweldige rukwind, het die hele huis gevul waar hulle gesit het." En hulle is so lewend gemaak Daardeur, totdat al hulle lafhartigheid hulle is. . . Een van hulle was selfs bevrees, hulle het selfs ontken hy was nog nie 'n Fariseër nie, of hy was nog nie 'n Sadduseër nie. Maar toe daardie Heilige Gees geval en hom in Jesus Christus ingedoop het, het hy vlees van

Sy vlees geword, been van Sy gebeente, Woord van Sy Woord. Hy was ’n nuwe skepsel. Hy was ’n nuwe persoon. Dit het sy liggaam lewend gemaak.

162 Kyk wat Dit gedoen het, wat Dit aan jou doen wanneer Dit inkom. Dit laat jou nie uitgaan en sê: “Ek’s Metodis. Ek’s Baptis. O, ek weet ek behoort nie te rook nie. Ek behoort *dit* nie te hê nie. Ek behoort nie hierdie soort klere te dra nie. Ek behoort nie *dit* te doen nie. Ek behoort nie *dat* te doen nie.” Dit maak jou so lewend totdat jy dit moet doen. Dit maak julle sterflike liggame lewend.

163 Kyk, Dit het hulle liggame lewend gemaak, totdat hulle so na aan die Hemel gevlieg het dat Dit hulle liggame lewend gemaak het om te praat in ’n taal waarvan hulle nooit tevore gehoor het nie. Dit het hulle liggame lewend gemaak, hulle het in nuwe Hemelse taal gepraat. Hulle is lewend gemaak tot in die Teenwoordigheid van God, deur die doop van die Heilige Gees. God se lewendmakende krag het hulle daarin gedoop. Hulle was toe in die plek van aanbidding. Hulle was waar hulle kon aanbid. Die Sanhedrin of niks anders kon hulle ooit pla nie, omdat hulle lewend gemaak was. Hulle was nuwe mense. Dis nadat hulle gedoop is.

164 Kyk na klein Stéfanus. Hy het in God se voorsiene weg ingekom, is lewend gemaak deur die krag van God; het in die poort ingekom, God se voorsiene weg. En selfs toe hulle hom gaan doodmaak het, hom gestenig het, het hy gesê: “Ek sien die Hemele geopen, Jesus wat staan aan die regterhand van God.” Dis lewendmakende krag. Hy is lewend gemaak bo tot in Sy boesem.

165 Daar was Filippus, nog een vol van die lewendmakende krag. Ons vind hom daar by Samaria, hou ’n groot herlewing. Hierdie groot lewendmakende krag, nadat hy in Christus was, het gekom waar hy duisende mense gehad het wat na hom luister. En Hy het gesê: “Gaan nou hier weg, Filippus, Ek wil hê jy moet uitgaan hier na hierdie woestyn, Gasa, toe. Ek het ’n man daarbuite, wil hê jy moet hom ontmoet.” En geen vraag nie, glad geen vraag nie, hy was vol van daardie lewendmakende krag. Hy was in Christus, hy was in die voorsiene plek waar God met hom kon praat. God het met hom gepraat. Daar was geen vraag nie.

166 Sê: “Wel, Hy het met my gepraat en vir my gesê ek gaan genees word, maar, nou weet ek nie, ek voel vreeslik sleg vandag.” O, goeiste! “Wel, Hy het vir my gesê ek het die Heilige Gees, en somtyds betwyfel ek dit beslis.”

167 Filippus het die Stem van God presies geken, omdat hy God se voorsiene weg gekom het. Hy het God nie bevraagteken nie, oor: “Wel, God, ek het soveel hier, ek moet bly staan. Ek moet eers die staatspresbiter sien voor ek dit kan doen. Ek moet met die biskop gesels,” was niks daarvan nie. Hy het op God ag geslaan, het reg in die woestyn ingegaan!

168 Hy het een man gekry, 'n eunug, 'n Ethiopiër, 'n gekleurde man wat aankom, die Skrif lees in Jesaja. En hy het gesê: "Verstaan jy wat jy lees?"

Het gesê: "Hoe kan ek tensy iemand my sal onderrig?"

169 Filippus het op die strydwa geklim en met hom begin praat oor die Here.

170 Hy het gesê: "Hier is water, wat verhinder my om gedoop te word?"

171 Hy het gesê: "As jy glo met jou hele hart, jou hele siel en verstand, krag." Het van die strydwa afgeklim en hom gedoop.

172 En Filippus was so vol van daardie lewendmakende krag, totdat, Hy hom geraap het buite sy sig. Dink! In sy sterflike liggaam, sy fisiese wese is opgeraap, buite die sig van die eunug. Ek glo dis die waarheid. God kon hom êrens anders heen neem, waar Hy hom nodig gehad het. Hy is opgeraap.

173 Weet julle, die dood kan nie eens daardie ding van jou af wegneem, wanneer jy in Christus is, in God se plek nie.

174 Kyk hier, Moses het dit gehad. Hy was 'n profeet na wie die Woord van die Here gekom het. Vir baie . . . hoeveel Korag's het nie opgestaan en gesê: "Ons het 'n groot organisasie nodig. Nou probeer jy die plek inneem om die enigste heilige man te wees," nie. God het gesê: "Sonder jouself af, Ek sal hom sommer insluk." En die Datan's, ensovoorts, het hom nie gepla nie, hy het net voortgegaan.

175 En toe Moses gesterf het en begrawe is, deur die Engele, het daardie lewendmakende krag op hom gebly. Want, agthonderd jaar later, hier is hy daar in die beloofde land, praat met Jesus. Daardie lewendmakende krag was steeds op hom. Dis God se plek van aanbidding.

176 "Wat sê jy? Hoe het jy geweet?" Hy was 'n profeet. Die Woord het na die profeet gekom. En hy was die gemanifesteerde Woord van God vir sy eeu. Amen.

177 Sien, jy kan nie sterf nie, jy's klaar lewend gemaak. O, as die kerk dit maar net kon sien, dat dit nie is wat jy gaan wees nie, jy is alreeds! Dis die Duiwel wat jou daarvan probeer beroof.

178 "Wel," sê: "ek sal jou nou sê. Ek behoort *hieraan*." Gee nie om waaraan jy behoort nie.

179 Jy moet gebore wees, wedergebore, gedoop met die Heilige Gees, in Jesus Christus in, lewend gemaak vir elke Woord. Jou Gees, in jou, sal "amen" beklemtoon op elke Woord van die Bybel. Daarbuite, as dit—as dit sy kop skud vir een, raak jy ontslae van daardie gees. Dis nie die Gees van God wat die Woord van God sal betwis nie. Dit sal die Woord van God onderhou. Nie alleen glo dit Dit nie, maar Dit laat Dit leef. Dit manifesteer die Woord van God. Ja, meneer.

180 Let ook op daardie heiliges van die Ou Testament. Potensieel, onder die ou offerande, het hulle gewag op hierdie nuwe een om te kom, het 'n goeie gewete gehad teenoor God. In Matthéüs 27, word ons dit vertel, toe Jesus opgestaan en uit die graf uitgekom het. Wat, ons pas 'n paar weke gelede gevier het, Pase. Die Bybel het gesê dat: "Baie van die heiliges wat ontslape was in die stof van die aarde, het opgestaan met Sy opstanding, en in die stad ingekom en het aan baie verskyn." Wat was hulle? Hulle was manifestasies van God se beloofde Woord. Die enigste plek waar God ontmoet, onder daardie offerande.

181 Nou in Een Thessalonicense 4:16, het die Bybel gesê, ook, dat die Nuwe Testament heiliges na vore sal kom saam met Hom wanneer Hy weer kom, hulle wat nou lewend gemaak is in Hom. Hoe kom jy in Hom? Deur geestelike doop, die krag van God, die plek waar Hy ontmoet, in Jesus. Nou Jesus is God se voorsiene weg.

182 Nou let op, Jesus was so seker wat Hy was! Hy het geweet Hy is die Seun van God. Hy het geweet Hy is maagdelik gebore. Hy het geweet dat elke Skrif Homself net reg deur Hom gemanifesteer het. Hy het dit so volmaak geweet, dat Hy vir daardie bouers van die tempel gesê het, daardie dag, Hy gesê het: "Vernietig julle hierdie tempel, en Ek sal dit in drie dae oprig." Dink daaraan. "Vernietig dit, en Ek sal dit in drie dae oprig." Waarom? Dit was 'n geskrewe Woord van Hom.

183 Dawid het gesê: "Ek sal nie My Heilige in die hel agterlaat, of Sy siel in die hel nie, ook sal Ek nie toelaat dat My Heilige verderwing sien nie."

184 Nou, Jesus het geweet dat dit Hy was. Geen vraag in Sy gemoed nie. En Hy het geweet dat, twee-en-sewentig uur, verderf die liggaam, een of ander tyd binne daardie twee-en-sewentig uur gaan Hy weer tot die lewe terugkeer, so Hy het gesê: "Vernietig julle hierdie tempel, Ek sal dit weer oprig in drie dae." Waarom? Die Woord is van Hom geskryf. Dit is van Hom geskryf, omdat Hy die manifestasie van God se geskrewe Woord vir daardie dag was.

185 Wel, daar moet wees, halleluja, daar moet, broer, daar êrens vandag, God se gemanifesteerde Woord van God wees. En dis dieselfde ding, want Hy het oor hierdie dae gespreek en Hy het gesê wat in hierdie dae sou plaasvind. Hy het ons alreeds vertel. Ons weet wat gaan plaasvind. En ons sien dit gemanifesteer word in julle, dan is julle in God se Kerk. Daarbuite, sou jy jouself kon noem: "Metodis, Baptis," of enigiets anders, dit sal nooit werk nie. Daar was net een ontmoetingsplek, dit is in Christus Jesus. O, vandag, o, hoe sou ek vandag wou dat almal dit sou insien, sien hoe om in te kom, gedoop te word. Die Bruid is deel van haar Man. Die Kerk is 'n deel van die Woord, die manifestasie.

186 Nou in watter kerk is jy? Is jy in 'n denominasie? As jy is, sal jou nou streng sê, jy's in Laodicea. Maar as jy in Christus is, is jy 'n nuwe skepsel, en is jy in die Kerk van die lewende God, met die manifestasie van dieselfde dinge wat Hy gedoen het in Sy dag sal weer terugkom in hierdie dag, dieselfde ding doen wat Hy gesê het Dit sou doen. Dan, dit is die ware Kerk. Jy kom Daarin deur geestelike doop, nie deur aan te sluit nie, nie deur nog meer nie, maar deur gedoop te word deur die Heilige Gees in Sy Liggaam in. Goed. Dis God se enigste voorsiene weg wat Hy vir ons gelaat het om te doen, is om gedoop te word in Sy Liggaam in, deur Sy Gees.

187 Jesus het gesê, in Johannes 14:12: "Hy wat glo, terwyl hy in My is!" Geen wonder mense sê die dae van wonderwerke is verby nie, geen wonder hulle sê hierdie dinge nie. "Hy wat in My glo, nie aan My glo nie, maar in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen." Waarom? Dis Sy Lewe. Dis Sy dinamika in Sy meganika, wat in jou is, wat dit afvuur, dit laat gaan en die werke doen wat dit beloof het om te doen. Of, my lewe in Hom, het my lewend gemaak deur Sy Gees, om Sy Woord, wat die meganika is, te laat werk deur Sy dinamika. Hebreërs 13:8: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

188 Nou ook in Markus die 17de hoofstuk, die 30ste vers van Markus. Luister mooi. Jesus het hierdie dinge belowe in die laaste dag, dat Hy "dieselfde gister en vir altyd" is. Hy het belowe, in Maleági 4, dat Hy "die harte van die mense, in die laaste dae, sou laat terugkeer na die Geloof van die vaders." Hy het dit belowe. Hy het belowe, soveel plekke in die Bybel, die dinge wat Hy sal doen. "Nog 'n klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien; Ek sal met julle wees, in julle altyd, selfs tot aan die einde van die wêreld." En let op, weer in Lukas, 17:30: "Soos dit was in die dae van Sodom!"

189 Weet julle wat in Sodom gebeur het? Kyk na Kalifornië; nie net Kalifornië nie, die Verenigde State; nie net die Verenigde State nie, maar die wêreld.

190 Kyk na hierdie tiener—waansin! Wel, ons het 'n. . .Ek het julle nou die dag vertel, hulle het daar 'n analise gemaak van die skole in Arizona waar ek woon, en tagtig persent van die kinders in die skool is verstandelik vertraag. Wat sal hulle kinders wees? Ons kan nie nog 'n geslag hê nie. Ons is by die einde. Jesus het gesê hierdie dinge sou kom.

191 Kyk na al die televisies en dinge wat hierdie denkbeeldige dinge in orde kry. Daar sal 'n tyd kom, voorspel ek, dat mense volkome, geheel en al mal sal wees, die wêreld sal wees. Die Bybel praat van sulke aaklige gesigte soos hulle vandag in die rolprente wys van een of ander prehistoriese skepsel se tydperk, wat op die aarde geleef het vir soveel duisende en miljoene jare, broei uit en kom voort tot een of ander . . . Dis net kleinigheid, in vergelyking met wat gaan gebeur. Wanneer die hel geopen word

en die Duiwel uitkom met al sy misterieuse dinge, van vroue . . . of sprinkane met hare soos vroue, en tande soos leeus. Wel, die wêreld sal volkome, geheel en al mal wees. Dis nou maar net omtrent een graad daarvandaan.

192 O, vir die glorie van God, vir die Koms van die Here Jesus, vir die Heilige Gees, vir die kennis daarvan, vir die lewende Teenwoordigheid van die lewende God!

193 Jesus het gesê, daar in Markus, het Hy gesê: "In daardie dag sal die Seun van die mens geopenbaar word." Nou onthou, nie Seun van God nie. Hy het in drie seuns se name gekom: Seun van die mens, Seun van God, Seun van Dawid. Toe Hy op aarde was, het Hy gekom as Seun van die mens, Hy was 'n profeet. Seun van die mens is 'n profeet. Jehova Self het die profete genoem, Jeremia—hulle: "Seun van die mens, wat sien jy?" Jesus het gekom, want Hy moes kom volgens die Skrifte, as Seun van die mens. Moses het gesê: "Die Here julle God sal 'n Profeet laat opstaan, soos ek is." En Hy moes 'n profeet wees, Seun van die mens.

194 Maar na Sy dood, begrafnis, en opstanding, nou was Hy Seun van God, die bonatuurlike, die Heilige Gees.

195 Maar Hy het belowe, net voor die koms van die endtyd, sal die wêreld raak soos dit was in Sodom, toe 'n Mens neergedaal het in menslike vorm; drie van hulle, twee Engele en God Self. Dit was God. Die Bybel het gesê dit was. Nou Hy het aangekom en Hy het Homself daar gemanifesteer, deur Sy rug te keer op die—die tent waar Sara was, en het vir Abraham gesê wat Sara gedink het in die tent. Dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou, Jesus Self het gesê: "In die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word," met ander woorde: "die Seun van die mens, die bediening van Jesus Christus Self."

196 Die kerk sal kom deur regverdigmaking, deur Luther; deur heiligmaking, deur Wesley; deur die doop van die Heilige Gees, of die Pinksters; en reg voortgaan na die vervolmaking van die Seun van die mens, dat wanneer Man en Vrou een en dieselfde persone sal wees. God sal so gemanifesteer wees in Sy Bruid, Sy Kerk, totdat hulle beide dieselfde sal wees. Hulle een is. Nou sien julle waarby ons is.

197 Moenie vashou aan daardie tradisies en geloofbelydenisse nie. Hulle was in orde in hulle dag, maar die blom het nou ontluik tot 'n bloeisel. Dis saadtyd. Dis reg.

198 Jesus het hierdie dinge belowe. Nou wanneer ons sien God laat Sy belofte lewe voor ons, en sien dat dit in ons is, en Sy Gees lewe in ons; dit is die enigste weg van aanbidding, enigste plek van aanbidding, die enigste ware manier wat jy kan aanbid. "Want daar is geen veroordeling vir hulle wat in Christus Jesus is nie." God het die belofte gemaak. Jesus het gesê: "Die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen," en wat Hy

in die laaste dag sou doen. Hoe dit gekom het deur hierdie eeu, nóg lig nóg dag, sal wees die—die soos 'n verdonkerde tyd, maar het gesê: "Die aandtyd, sal dit Lig wees."

199 Die son kom in die ooste op en gaan in die weste onder. Dieselfde son wat in die ooste opkom, gaan in die weste onder, beskawing het daarmee saam geloop. Dit het oor drie waters gegaan, drie vorms van doop. O, ja, van Asië, oor na Europa toe; van Europa, oor na Engeland toe; en van Engeland, oor na die Verenigde State toe.

200 En nou het ons weer reguit teruggekom, en hier sit ons vanmiddag, op die Weskus, waar die sondegrens van al die magte van duisternis hier ophoop. Hierdie rolprente en televisie—uitsendings, en mans wat daar vroue soen, en vergiftig die gemoedere van meisietjies.

201 Het julle geweet dat enige man wat 'n vrou soen moreel verplig is om met haar te trou? Potensieel is dit 'n seksdaad. Sekerlik, dit is. Ja, meneer. Wat is dit? Dis die manlike kliere in 'n man se lip, en die vroulike kliere. Wanneer manlike en vroulike kliere bymekaar kom, is dit seks.

202 Kyk na Hollywood, kyk na die meisietjies wat hier in die parke lê, en die seuns wat hulle verlustig aan hierdie meisies, en sulke dinge, en selfs in kore sing. En hierdie Elvis Presley's, ensovoorts, wat ons vandag het, is 'n skande op die naam van Amerika, waarvoor ons voorvaders geveg en gebloei en gesterf het.

203 Maar die uur het gekom dat elke koninkryk sal moet wyk, omdat daar 'n Koninkryk van God is wat gevestig is in die menslike hart, deur die doop van die Heilige Gees en die Teenwoordigheid van Jesus Christus. En Christus sal na Sy Bruid toe kom en sal 'n Koninkryk hier op aarde oprig, wat nooit sal verminder word nie. Hoe kom jy in hierdie Koninkryk? Jy word daarin gebore. Hoe weet jy dit? Jy hou net. . .Hoe sou jy aan 'n koninkryk kon behoort en met die koning verskil? Sien, jy sou wees. . .En die Koning is die Woord. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon. Dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

204 Hoe het hulle geweet Hy was die Seun van die mens? Hy sou daar na die gehoor kyk en opmerk waaroor hulle dink. Ons weet dis waar. Hy is dieselfde vandag. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

205 Het Billy enige gebedskaarte uitgegee? Diseen wat ek vergeet het om hom te vra. Het hy gebedskaarte uitgegee? [Gemeente sê: "Ja."—Red.] Het hy gebedskaarte uitgegee? Goed.

206 Ek sal julle sê. As julle genoeg geloof het, ek het die geloof om te glo dat God, Wat die belofte gemaak het, Homself net

hier kan bewys om God te wees, sonder dat enige persoon na hierdie platform toe kom. Ek voel om die inisiatief te neem, op grond van die belofte van die Woord van die lewende God. Kyk hierna, laat ek julle iets wys. Hierdie lewendmakende krag, ons gaan Dit beoefen. Laat ek julle wys. Hoeveel glo julle het daardie lewendmakende krag? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, wat's die probleem met julle hande op die siekes?

207 Toe daardie dissipels lewendmakende krag ontvang het op hulle, op die Pinksterdag, wat het hulle gedoen? Hulle het uitgegaan en hande gelê op die siekes, en hulle het gesond geword. Jesus het gesê, in Markus 16: "Dit sal voortgaan tot aan die einde van die wêreld." Hoe lank, tot die apostels se eeu? "Gaan julle in die hele wêreld in, verkondig die Evangelie aan elke skepsel. Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg; as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Dis die lewendmakende krag soos wat op Elía se beendere, Elisa se beendere was. En dieselfde lewendmakende krag is op die heiliges wat hulle opgewek het. As daardie selfde lewendmakende krag in ons is, lê julle hande op die siekes, hulle sal gesond word.

208 Ek het hier opgelet, ek het al byna opgehou om nog onderskeiding te beoefen, lê sommer net my hande op die siekes. Ek het al opgelet waar, goeiste, dinge wat ek nooit . . . Ek het nie by 'n derde van die mense uitgekom, andersins nie. Op hierdie manier, kom ek by meer uit as wat ek ooit by uitgekom het. En ek vind uit 'n beter resultate, deur net myself in God se arms te laat, en te sê: "Here God, U het dit belowe. Dis U belofte; dis nie myne nie, dis Uwe, en U het belowe U sal dit doen. En ek het U dit sien doen. En ek gaan glo U gaan dit doen, omdat ek gedoop is in U Liggaam in, en U Gees hier om te identifiseer dat dit die Waarheid is." Amen. Dis die plek van aanbidding. Dan kom jy tot 'n punt: "alle dinge is moontlik." Dan kom jy tot 'n punt dat jou—dat jou motiewe en doelwitte, vir jou prestasies, net presies in die wil van God is. En wanneer jy jou hande daar oplê en dit glo, gaan dit gebeur. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

209 Ek glo, voor een gebedskaart geroep word, of enigiets anders, dat Almagtige God my kan sê wat jy daar het, en wat jy behoort te doen, en wat jy nie behoort te gedoen het nie. Dis die inisiatief neem, reg, ek weet dis reg, maar dis presies wat God wil hê ons moet doen. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hoeveel sal dit glo as God dit sal doen? ["Amen!"]

210 Daar is nie ' n persoon wat voor my sit wat ek ken, waaraan ek kan dink, of iemand wat ek regtig ken nie. Hoeveel weet, hierbuite, ons is almal vreemdelinge, steek julle hande op. Weet dat ek niks van jou af weet nie, steek op julle hande. Enige plek in die gehoor, weet ek weet niks van jou nie. Ek skat dis oral, veral hierbo. Nou miskien is die ander mense net . . . Ek ken hulle

nie. Hulle het net nie hulle hande opgesteek nie, maar ek—ek—ek ken hulle in elk geval nie. Ek meen ek sien wel vir Richard Blair net hier sit. Ek meen dis reg. Ek kan . . . Dis donker daar. Daar is ligte *hierdie* kant toe. Ek sien nie.

211 Maar kyk hierna, ek probeer julle sê, dat, wanneer daardie lewendmakende krag in jou inkom, is dit Jesus Christus. Toe Jesus Sy hande op die siekes gelê het, het hulle gesond geword.

212 Toe Jesus lewendmakende krag gehad het om Hom lewend te maak, as 'n Mens, kon Hy uitkyk en die gedagtes sê wat in die mense was, hulle sê waaroor hulle gedink het, wat hulle gedoen het. Sy rug op hulle gekeer hê, hulle dieselfde ding sê: "Waarom redeneer julle in julle harte?" Die vrou het Sy kleed aangeraak, Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?" Hy het omgekyk en haar gekry, en gesê: "Ek merk op dat krag van My uitgegaan het. Jou geloof het jou gesond gemaak." Dis Jesus Christus. Dit bewys dat waar die kerk is, en wat die ware lewendmakende krag van God aan die menslike wese doen. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

Laat ons ons hoofde buig net 'n oomblik.

213 Dierbare God, ons het 'n stryd gehad met Satan vanmiddag, op hierdie mikrofone, weet daardie mense het waarskynlik nie die helfte daarvan gekry nie, die weergalm op die . . . so in die gebou. Maar ek bid, God, dat die Heilige Gees sal neem dit wat bedoel was om te wees, Here, om die mense te laat sien dat ons nie 'n klomp dooie slepende hoop—maar—so is nie. God, ons is nou lewend, lewend gemaak deur die krag van die opstanding van Christus. Jesus Christus leef in ons. Ons glo dit, Here.

214 Ons maak nie aanspraak op enige glorie van ons eie nie. Soos op die Berg van Verheerliking, waar elkeen van ons daar verteenwoordig is; daar was Moses, die een wat gesterf het en weer opgestaan het; daar was Elía, die lewend gemaakte heiliges wat weggeraap sal word in die laaste dag. O, hulle het toe gesien, toe hulle teruggekyk het, het hulle slegs Jesus gesien. Ons weet, Here, ons wil nie hê mense moet ons sien nie. Ons is nie hier met daardie doel nie. Ver daarvandaan!

215 Maar, Here, dit verheug wel ons harte as ons Jesus onder ons verheerlik sien; wanneer ons Hom verheerlik sien, wanneer ons Sy Woord sien, waar Hy die Woord is; wanneer ons sien ons kan dit hier in die Bybel lees, waar Hy beloof het Hy sal dit doen, Hom dan dit reg in ons sien bewerk, O God, hoe laat dit ons nie nederig voel nie, dat ons weet dat Sy lewende Teenwoordigheid . . .

216 Ons het by niks aangesluit nie en oor niks onderhandel nie. Ons glo net, Here, tot die Ewige Lewe. En U het ons daarin verseël deur die doop van die Heilige Gees, en ons liggame lewend gemaak, en ons geeste lewend gemaak, en ons toe lewend gemaak om visioene te sien, en te profeteer, en in tale te spreek, groot tekens en wonders te sien plaasvind. Wel, dis

die lewende God. Ons is in daardie Liggaam in. Wanneer, vir die wêreld, dit dwaasheid is, vir hulle wat vergaan; maar vir ons wat glo, is dit die krag van God, tot Ewige Lewe. Ons dank U daarvoor, Vader.

217 Nou laat dit vandag bekend word, Here, dat U God is, dat U nooit van U gedagte verander het oor een Woord wat U ooit gesê het nie. En U is dieselfde, gister, vandag, en vir altyd, en die—die een en enigste weg wat God voorsien het. Die enigste Mens waarin God ooit Sy Naam geplaas het, was Sy Eie Seun Wat Sy Naam, Jesus, gedra het; God, Jehova, Verlosser, Emmanuel, die Deur na die skaapkraal; Hy wat Was, Wat Is, en Sal Kom; die Wortel en die Nageslag, beide Wortel en Nageslag van Dawid; die Môrester, die Lelie van die Dale. O God, hoe wonderlik! Geen wonder, Jesaja het gesê: "Raadsman, Vredevors, Die magtige God, Ewige Vader." O, ons het geen ander Vader buiten U nie, Here. U is ons Vader. U is ons Moeder. U is alles wat ons is, alles wat ons ooit kan wees. Ons wil niks anders sien as Jesus verheerlik nie!

218 Vader, ek mag maar swak gevaar het, vanmiddag, maar neem die voorkome van my hart en verhoor my, Dierbare God. En laat dit gesê word vandag, dat Jesus Christus verheerlik is net hier in hierdie tempel. Skenk dit, Vader, want ons vra dit in Sy Naam, en waar ek nederig wag saam met hierdie gehoor, om U te sien beweeg deur U Gees. Amen.

219 Nou ek wil hê julle moet hierdie een ding vir my doen. Ek wil julle een ernstige vraag vra. Ek wil hê julle moet my antwoord asof dit die laaste keer is dat julle ooit iemand sal antwoord in julle lewe. Glo julle dis die Waarheid? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Glo julle daar is nie 'n kerk of 'n denominasie wat in die Teenwoordigheid van God erken kan word nie? Glo julle dit? ["Amen."] Daar is nie een nie. Slegs diegene wat in Jesus Christus gebore is, Sy Naam aanneem! Dis reg.

220 Jy neem Sy Naam aan wanneer jy daarin gebore word, nie deur waterdoop nie. Alhoewel jy in Sy Naam gedoop kan word, maar dit neem nie Sy Naam aan nie. Jy neem Sy Naam aan deur geboorte, nie deur water nie. Sien, jy word gedoop in die Naam van Jesus Christus, ja, meneer, tot gemeenskap; maar jy word gedoop deur die Heilige Gees, in Jesus Christus in. So jy kan gedoop word honderd keer, op enige manier wat jy wil, die ander manier, dit sou geen verskil maak nie. Maar wanneer jy eenmaal gedoop is deur die Heilige Gees, in die Liggaam van Christus in, word jy 'n seun of 'n dogter van God, en: "Elke Woord is waar!" En, dan, Hy het dit vir daardie doel gedoen.

221 Soos ek nou die dag gesê het, toe God beweeg het en die son oor die aarde getref het, het Hy geweet daardie palmbome en alles het onder daardie aarde gelê. Hy . . . Hulle was deel van die aarde op daardie tydstip, so was jy.

222 En toe Hy die Seun van God opgewek het, op Paasoggend, en die Heilige Gees uitgestuur het, was dit, ook, om daardie saad van Ewige Lewe lewend te maak, waarvan Hy voor die grondlegging van die wêreld, vooraf geweet het dit sou hier wees. Hy het geweet hierdie mikrofoon sou soos dit maak vanaand. Hy het geweet dat jy die gesindheid sou hê wat jy het. Hy's oneindig. Jy kan jou dit nie met jou verstand voorstel nie, jy moet dit net aanvaar. Maar, laat ek hierdie een ding sê, daardie selfde God staan hier, vanmiddag, in Sy mense.

223 Of jy 'n Metodis, Baptis, Pinkster is, wat jy ook al mag wees, jy moet nie op een of ander organisasie vertrou nie. Want, hulle kan nie 'n organisasie wees. . . Dit is saamgestel uit te veel verskillende doktrines. Dit is saamgestel uit onder andere. . . Jy moet 'n indiwidu wees, teenoor God. Jy moet 'n indiwidu wees. God deel met jou, in jou kerk nie. Jy behoort 'n regte soort lewe te lei in jou kerk of gemeente waarby jy aanbid, jy moet daardie soort lewe lei wat jy behoort te lei. Maar jy sien, hulle trek belydenisse op, ensovoorts, dat jy nie eens by hulle deure kan inkom as jy dit nie glo nie. So hoe kan God ooit daar inkom, wanneer Sy Woord voortdurend gemanifesteer word?

224 Hoe het Luther geweet van hierdie doop en—en herstel van die Gees, toe hy destyds in daardie dag was? Die plant het nie so gegroei nie. Ook het Wesley dit nie geweet nie. En die Pinkster weet ook nie wat vandag aangaan nie. Dieselfde ding, groei reg van jou af weg. Dis reg. Dit het in elke eeu, en dit sal altyd.

225 En ek kan bewys, deur die Bybel, dit is die koringeeu. Onthou, na hierdie groot herlewing. . . Daar het nooit 'n ander organisasie opgestaan na die Pinkster nie. Hulle kan nie wees nie. Dit gaan van die dop na die koring, en daar is niks anders as die korrel nie. Dis die rede. Vyftien jaar. . . Gewoonlik, drie jaar, en hulle het 'n organisasie uit enige herlewing. Vra enige geskiedkundige. Maar daar is geen organisasie na Hierdie nie. Hulle het 'n Spade Reën probeer oprig, maar julle sien wat daarvan geword het. Dit kan nie. Dis nou koring. Ja, meneer. Daar is nie meer draers nie. Dis die ware korrel. Christus is onder Sy mense. Glo julle dit nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

226 Laat ons van *hier* af begin, op die onderste vloer. Ek kan nie daarin uitkies nie, siende dat daar soveel van julle is nie. Hoeveel glo ek is Sy dienskneg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Glo in God! Hoeveel *hier* glo dit op dieselfde manier, sê: "Ek glo dit met my hele hart"? ["Amen."] Nou mag die Here God dit aan ons skenk, dat julle die lewendmakende krag kan sien. Dis iets, deurslaggewende getuienis, wat dit bewys.

227 Ja, iemand kan sê: "O, *dit* is Dit, *dit*, *dat*." Maar laat dit optree.

228 Nou, dis vir my totaal onmoontlik om enigiets van julle te weet. Julle weet dit. Ek ken maar net een persoon, wat ek kan

sien, en dis Eerwaarde Blair wat daar sit, van ver oos, ek meen Arkansas of iewers daaragter. Dis die enigste een in die gehoor, wat ek wil sien wat ek ken. En God weet dis waar. So dit sou iets moes wees wat . . .

229 Ek het net toevallig gesien hier, hierdie dametjie wat daar op die punt sit, het 'n geestelike probleem waaroor jy bid. Glo jy dat God daardie geestelike probleem vir jou sal oplos, en dit sal regmaak? Goed, jy kan dit kry.

230 Plaas jou hand daar op die ander dame wat regoorkant jou sit, want sy het maagprobleme waarvoor sy ook bid. Ja. Dit reg, suster? Steek julle hande op as dit waar is. Ek ken jou nie, jou nog nooit in my lewe gesien nie. Twee gekleurde meisies.

231 Nou, wat is dit? Is dit nie net presies soos wat Hy gesê het Hy sal doen nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Net presies.

232 Hier sit 'n dame, kyk reg daar hierlangs; sit en kyk na my. Sy het hartprobleme. Glo jy dat God die hartprobleme sal genees? Jy het daar gesit en bid: "Ek wens ek kan daar kom." Is dit reg? Wuif jou hand *so*, dit reg is. Hoe het ek geweet wat jy in jou gebed gesê het?

Sien, glo net. Dis al wat jy hoef te doen, is glo.

233 Hier sit 'n dame net hier wat binnekort sal sterf as sy nie genees word nie. Sy het kanker. Glo jy dat God die kanker sal genees? Ja. Glo jy dit? Hier, synde dat jy soort van stadig was om jou hand op te steek, glo jy God kan my sê wie jy is? Mev. Gunn. Nou, as dit reg is, wuif jou hand *so*, sien. Goed. Gaan huis toe, Jesus Christus sal jou gesond maak.

"As jy kan glo, is alle dinge moontlik."

234 Dit het hierdie dame getref wat daar sit met die donker hoed op, na my kyk. Sy het ook kanker. Glo jy God sal jou genees? Glo jy dit met jou hele hart? Ek praat met Mev. Miller. Glo jy dit? Ek ken die vrou nie, haar nog nooit in my lewe gesien nie, en God in die Hemel weet dit is reg. Amen.

"As jy kan glo!"

235 Hier is 'n gekleurde vrou reg hier op die punt sit, het haar hoof gebuig gehad. Sy het gepeins, sy peins oor 'n geliefde, iemand vir wie sy bid. Sy het gekom, in werklikheid, om te bid . . . vir hom te laat bid. Nee hy is nie hier nie, dis haar man. Dis reg. Sy . . . Hy's nie hier nie. Hy's by die huis. Hy het 'n operasie gehad, het hy nie? Dis reg. Hy was gepla met sinusprobleme ensovoorts. Dis waar, is dit nie? Hy gaan regkom. Jou geloof daarvoor was sterk. Glo jy dat dit waar gaan wees? Amen.

236 Kan julle nie sien dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd nie? Vra daardie mense. Dit het regdeur die gehoor gegaan. Glo julle dat Hy hier is? Voel julle daardie lewendmakende krag in julle? Wel, dis die God wat julle gesond maak, vriende. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

237 Nou sal julle een ding vir my doen? Want, hoeveel hierbinne is siek, laat ons jou jou hand sien opsteek. Nou dit gaan na vyfuur toe. Lê julle hande daar op mekaar, en laat ons sommer. . .Moet nou nie 'n woord sê nie, lê net julle hande op mekaar—op mekaar. Ek wil hê julle moet iets doen.

238 Sê, die man wat reg hier agter sit, het daardie gewas op sy rug. Glo jy dat God daardie gewas van jou rug af sal afneem, meneer? Glo jy dat God jou gesond sal maak? Jong kêrel, wat na my kyk, en gedink hy gaan oorgeslaan word. Steek jou hand op, meneer. Dis reg. Glo jy met jou hele hart, sal God dit wegneem vir jou.

239 Halleluja! Ek daag hierdie hele gehoor uit, in die Naam van Jesus Christus! As jy sou kon. . .Jou bewussyn, moenie dat dit met ongeloof toegeskroei word nie, moenie dat dit verwar word nie. Kan jy nie die Seun van die mens sien, die Seun van die mens in die vorm van profetiese Boodskap, wat weer terugkeer in Sy Kerk, in profesie, Jesus Christus openbaar dieselfde gister, vandag, en vir altyd nie? Dis nooit gedoen deur die eeu, tot hierdie tydstip nie. Sien? Daar is die bewys daarvan.

240 Wat is die Kerk? Hoe kom jy Daarin? Wanneer jy daarbinne is, is jy alles wat Jesus Christus was, selfs tot 'n seun en dogter van God te wees. Hy word jy, sodat jy Hy kan word.

241 Die punt is, jy is bang om dit te gebruik, of anders werk jy nie saam met Sy Woord nie. Nou, dit sal niks help nie, en ek—ek gee nie om wat jy doen nie. As jy nie ten volle in daardie Woord inkom nie, sal dit nooit werk nie. Wie kan my beskuldig van iets wat Hy gesê het en beloof het in hierdie dag, en dit het nie gebeur nie? Moet dan nie jou denominasie voor my gooi nie, want dit sal nie werk nie.

242 Halleluja! Ek voel, ek weet Hy's hier. Ek's positief Hy's hier. Ek weet dat daar nou genoeg lewendmakende krag in die Kerk is om elke persoon te genees wat hier sit. Kan julle dit glo? Wel, dan, sal julle?

243 Glo julle in vir die siekes bid? Glo julle Jesus het gesê: "Hulle lê hulle hande op die siekes, en hulle sal herstel"? Goed, sit julle hande nou daar op mekaar. Moenie vir jouself bid nie. Bid vir die volgende persoon. Hulle bid vir jou. Nou stil en eerbiedig.

244 Here, hoe dank ek U nie, kan hier op hierdie platform staan en—en 'n Woord verkondig wat so teenstrydig is met die mense se denke vandag, totdat hulle Dit "kettery" sal noem, hulle Dit "spiritualisme" sal noem, hulle Dit "bose geeste" sal noem, soos hulle het, toe: "Beëlsebub." Maar om U te sien reg in die midde van hierdie grootse gehoor, vanmiddag, omdraai en bevestig en bewys presies wat verkondig is, dat Dit die Waarheid is.

245 God, hierdie is U mense. Die—die Duiwel het die mikrofone probeer verwar, hy't die mense se gedagtes probeer verwar,

hy't hulle probeer weerhou van Dit te begryp. Maar ek glo hulle sal Dit nogtans begryp, Here. Ek vra dat hulle Dit sal begryp. Ek vra dat hulle Dit sal ontuang. Skenk dit, Here, hierdie gelowiges met lewendmakende krag, dat wanneer hulle. . .as hulle nie lewe om U Koms te sien nie, daardie lewendmakende krag hulle sal laat opstaan in die laaste dae.

246 Skenk dit sommer nou dat daardie lewendmakende krag hulle geloof lewend sal maak, Here, vir wat hulle doen. Daar is 'n gelowige met 'n hande op 'n gelowige, 'n liggaam na 'n liggaam, 'n krag na 'n krag. En dis die krag van God, deur 'n seun van God of 'n dogter van God, deur die Seun van God. O God, mag Satan hierdie mense laat los! Mag hulle genees word vanmiddag, deur die opwekkende, lewendmakende krag van die Teenwoordigheid wat geïdentifiseer is, Jesus Christus. In die Naam van Jesus Christus, laat dit so wees!

247 Julle hande op die mense het lewendmakende krag in hulle, as julle lewend gemaak is. Het julle tot Lewe gekom? Het Christus vir jou werklik geword? Is die krag van God gemanifesteer? Is jy in daardie Kerk, God se voorsiene Kerk? Hoe is jy Daarin, hoe weet jy jy is Daarin lewend gemaak? Jou hele gedagtes, jou hele wese, is nou in Christus. En Christus is in die midde van die mense, bewys Homself lewend, bewys dat Hy hier is in die dae van Sodom.

248 Met daardie hande van daardie mense, dat hulle lewens verander is van straatlopers, van dronkaards, van prostitute op die straat, tot 'n egte heiliges van God, lewend gemaak. Hulle hande lê op julle. Hulle is in die Kerk, deur Heilige Gees doop, dieselfde krag was op Elía se beendere. Daardie selfde krag lê op jou skouer, op jou hande, op julle hoofde, daardie selfde lewendmakende krag; met Hom wat hier staan, bewys dat Hy lewend is uit die dood, Self toon dat Hy lewend is, hier nou die einste dinge doen wat Hy gedoen het toe Hy. . .?. . .was. Amen!

249 Kan julle Hom nou glo? Kan julle glo dat daardie hande wat op julle gelê is, goddelike hande is, kan julle glo dat daardie Gees wat ons nou lewend maak, ons kranksinnig laat optree vir die wêreld, glo julle dis Sy lewendmakende krag? Glo julle julle is in Sy Kerk? Dan, as julle is, en glo dat daardie hande wat op julle lê, heilige hande is, in opdrag van God; dan beveel ek julle, in die Naam van Jesus Christus, om op julle voete te staan en julle genesing te aanvaar, almal wat siek was.

O, Christen, besef jy wat plaasgevind het?

250 Besef julle, daar in die straat oorkant loop miljoene mense in daardie strate, vandag, wat niks ter wêreld is behalwe atoomvoer nie? Besef julle daardie mense is dood in sonde en oortredinge, en lewens is swart; in kerke oraloor, vir 'n paar lesinkies of iets oor 'n sekere soort van 'n sekere ding te onderhou, en noem dit godsdiens.

251 Besef julle dat julle opgewek is uit die dood tot die Lewe, en gedoop is in die Liggaam van die lewende God wat julle liggaam lewend gemaak het, waar daar spreek in tale is en uitleg van tale, Jesus Christus gemanifesteer onder ons sien? Wel, siekte sou nie kon standhou in so 'n groep soos hierdie nie. Laat julle geloof na Hom toe gaan, glo Hom! Sê: "Here God, ek glo met my hele hart," en jy sal gesond gemaak word.

252 Is daar sondaars hier wat graag in daardie Liggaam wil inkom? Steek julle hande op, en sê: "Ek het nog nooit Daarin gekom nie, ek is nog nooit met die Heilige Gees vervul nie, maar, Broer Branham, ek begeer Dit beslis vanmiddag. Sal jy vir my bid?" Steek julle hande op. Moenie skaam wees nie, julle is in Sy Teenwoordigheid. Kyk net na die hande! Kyk na die hande!

253 Nou almal wat die doop van die Heilige Gees wil hê, steek op julle hande, waar julle ook al is, wat Dit wil hê.

254 Nou julle wat die Heilige Gees het, wat naby hulle staan, lê julle heilige, gewyde hande op hulle. "As die Heilige Gees, wat Jesus uit die dood opgewek het, in julle woon, maak dit julle sterflike liggame lewend, van die dood tot die Lewe." Dit bring die hele liggaam tot die onderwerping aan die Gees. Nou laat ons ons hoofde buig, en almal bid vir daardie mense wat die doop van die Heilige Gees wil hê. En ek glo wel dat God elkeen van julle sal vervul, sommer nou, met die Heilige Gees.

255 Waarom wag ons, vriende? Jy gaan ook wag, lank, een van hierdie dae. Dit is die uur. Moenie langer wag nie. Julle is net hier in hierdie tempel waar julle die hele nag het om te bly en te bid.

256 Dierbare God, ek bid dat U weer die Heilige Gees sal stuur, soos 'n magtige rukwind, die hele huis vul, na die perfekte identifikasie hier, vanmiddag, dat U lewe en by die mense is. In Jesus se Naam. Amen.

*God Se Voorsiene Plek Van Aanbidding* AFR65-0425
(God's Provided Place Of Worship)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Sondagmiddag, 25 April 1965, vir die Volle Evangelie Sakemansgemeenskap se Internasionale konvensie by die Embassy Hotel in Los Angeles, Kalifornië, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org